CARNEGIE-BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
-8 AUG 1979
CARNEGIE LIBRARY
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIII Nr. 9 PRYS 10c

VRYDAG, 27 JULIE, 1979

# VOLKEREVERHOUDINGS VERG RESPEK – KOORNHOF

**WEDERSYDSE respek vir mekaar se kulturele agtergronde gebaseer op gelykwaardigheid wat nie noodwendig gelyksoortigheid beteken nie, is die grondslag van volkereverhoudinge in Suid-Afrika, het dr. Piet Koornhof tydens sy openingsrede van die 31ste Bondskongres van die Afrikaanse Studentebond te Stellenbosch gesê.**

In die dialoog wat daar tussen volkere bestaan oor gemeenskaplike probleme is dit noodsaaklik dat gesonde selfwaardering en waardering vir ander volkere voorop gestel word. Vooroordeel benadeel dialoog. Opregte waardering vir 'n ander se kultuur spruit uit 'n begrip vir en 'n kennis van ander volkere. Die fout moet nie begaan word om eie norme van toepassing te maak by die beoordeling van ander volke nie.

### IDENTITEITE

Dr. Koornhof het by die tema van die kongres – *Identiteite* – aangesluit deur daarop te wys dat identiteit juis ter sprake kom by kontak tussen volkere. Deur 'n ander volk se kultuur te verwerp, word die voedingsbron wat in die behoefte van 'n volk voorsien, misken. Die gevolg van die miskenning van identiteit is 'n minderwaardige kultuur wat nie staande kan bly in die hedendaagse samelewing nie. Gekrenkte eer kan die gevolg wees van 'n paternalistiese houding of neerbuigendheid. Dit bied 'n teelaarde vir ontevredenheid en 'n daling in selfwaardasie skep probleme om letsels later te verwyder.

Die Regering skep lewensruimte vir alle volke in Suid-Afrika om te ontwikkel en hulself te handhaaf. Die volkereverskeidenheid in Suid-Afrika is nie 'n probleem nie, maar 'n Godgegewe geleentheid vir die verskillende kulture om te ontplooi en deur wisselwerking met mekaar verryk te word.

Alhoewel tegnologiese ontwikkeling nodig is om tred te hou met die groei van volkere, is die belange van die mense deurslaggewend. Die basis van ontwikkeling lê in bestendigheid en ordelikheid. Selfontwikkeling van volkere behels die voorsiening in spontane sowel as aangekweekte behoeftes. Laasgenoemde het betrekking op pogings om die lewensstandaard van 'n volk te verhoog.

Dr. Koornhof het gesê dat die ASB die politieke arena betree het. Die organisasie dien as 'n barometer vir die algemene gemeenskap. Hy het die ASB-bestuur gelukgewens met verantwoordelike leiding tydens die afgelope termyn. Hy het veral sy waardering uitgespreek dat hulle eers die feite vasgestel het, vóórdat hulle 'n uitspraak gemaak het.



*Ná die lang tog uit die Noorde, word daar aandagtig geluister by die opening van die ASB-kongres.*



*Die Kanselier, mnr. B.J. Vorster het Woensdagmiddag die verwelkomings van proff. Mike de Vries en Roux de Villiers bygewoon. Hierdie geleentheid was uniek in die sin dat beide Rektor en Vise-rektor gelyktydig ingehuldig is. Die SR was verantwoordelik vir die reëlings van die plegtigheid.*

*Die Stellenbosse Blaasorkes en die Universiteitskoor het by die geleentheid opgetree.*

*Mnr. Vorster het in sy verwelkomingsrede gesê dat dit die student se prerogatief is om te verskil. Dit is egter nodig dat hulle altyd beskeie in hul optrede sal wees.*

*Prof. Roux de Villiers het sy samewerking aan die studente beloof en 'n beroep gedoen op die massa om lojaal teenoor die universiteit te wees.*

*Prof. Mike de Vries het veral klem gelê op gesonde gesagstrukture binne die Stellenbosch-opset, maar ook die belangrikheid van studente-inspraak vermeld. In sy toespraak het hy Stellenbosch se rol binne die Suid-Afrikaanse konteks ontleed.*

## Intervarsity kortgeknip

DIT wil lyk asof toeskouers volgende jaar met Intervarsity minder van die tamboernooiens en sjampanjemeisies sal sien.

Die Intervarsity-program is onlangs deur die rugbyklubs van die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van Kaapstad bespreek. Die algemene gevoel is dat die program gewysig moet word om probleme soos bottels en blikkies, gebreekte stoele en oproerige toeskouers uit te skakel.

Die rugbyklubs meen dat Intervarsity hoofsaaklik 'n rugby-aangeleentheid is. Dinge waat daarop inbreuk maak, behoort bekamp te word.

### MATIES STEM SAAM

Die Kaapse klub het kort na die vorige Intervarsity aan die Maties geskryf dat hulle bekommerd is oor die skade en ontwrigting wat by so 'n geleentheid veroorsaak word. Die moontlikheid om die program te verander het hierop gevolg. Die Matieklub het verlede week, by geleentheid van 'n bestuursvergadering, laat blyk dat hulle met die Ikeys saamstem.

Die skade wat die paviljoen verlede semester met Intervarsity opgedoen het, word steeds deur die Ikeys ondersoek.

# Nuwe Vise-rektor; klem op lojaliteit

**IN die nuwe Vise-Rektor, prof. J.W.R. de Villiers, het die Universiteit van Stellenbosch 'n man wat lojaal staan teenoor sy universiteit en die belange van die studentegemeenskap op sy hart dra.**

Prof. J.W.R. de Villiers is in die distrik Stellenbosch naby Vlaeberg gebore, waar hy dan ook sy skoolloopbaan begin het. Na sy laaste twee jaar op hoërskool in Stellenbosch het hy hom as ingenieur in 1949 aan die US bekwaam en by die Spoorweë gaan werk.

Gou het hy dosent geword in meganiese ingenieurswese en as senior lektor in Toegepaste Wiskunde is hy na Cambridge waar hy sy doktorsgraad in 1966 behaal het. In 1967 word hy professor in Toegepaste Wiskunde en aan die einde van 1970 word hy gekies as Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, 'n pos wat hy beklee het tot sy aanstelling as Vise-Rektor.

### SPORT

Prof. De Villiers is 'n goeie sportman, was 'n kranige rugbyspeler en het die Boland in tennis en pluimbal verteenwoordig. Op Cambridge het hy vir Downing College saam met Mark Cox, Britse Davisbekerspeler, tennis gespeel. As senior lektor het hy vir die PSO rugby gespeel en die Helderbergrugbyspan afgerig.

Hy was ook inwonende hoof van Helderberg en het deur sy deelname aan koshuiskrieket, -tennis en -tafeltennis 'n meelewende gees in die koshuis geskep.

### LOJALITEIT

Prof. De Villiers het volle vertroue in die studente van vandag en beskou hulle as verantwoordelik. Van die Stellenbosse student verwag hy om in sy optrede lojaal teenoor die Universiteit te wees en 'n goeie beeld van die Universiteit na buite te dra. Die Universiteit is hier omdat die student hier is; daarom sal hy altyd met 'n oop oor na die studente luister.

In sy optrede sal sy lojaliteit teenoor die Universiteit en die belange van die studentegemeenskap vooropgestel word. Hy sien ook sy taak as een waarin hy die Rektor, die leier aan die U.S., bystaan en op 'n stil manier die Universiteit dien. Hy sal na alle waarskynlikheid koshuisbelange en beplanning hanteer.

### KOSHUISE EN SR

Oor koshuise het die Vise-Rektor gesê dat dit belangrik is dat die student deel moet wees van 'n sekere gees en lojaliteit soos dit in 'n koshuis (privaatwyke ingesluit) heers. Dit is hierdie gees wat die gewildheid van koshuise



**PROF. J.W.R. DE VILLIERS**

sal bepaal. Koshuisgeld en die koste om privaat te bly sal altyd balanseer, omdat koshuise nie bedryf word om wins te maak nie.

Oor die Studenteraad en Huiskomitees voel die Vise-Rektor dat daar voortgebou moet word aan die status van die SR en die posisie van huiskomiteelede. Die studente moet die mense wat hulle kies ondersteun tot hulle eie beswil. Word die SR afgekraak, kraak die student homself af – hy het hom immers gekies.

# NASIONALE BEWUSSYN BY SR-LEIERSKONFERENSIE

**'n GEES van openheid en tegemoetkomendheid is geopenbaar wanneer daar gepraat is oor die bestaansreg van kultuurgroepe in S.A.**

Verskeie konsensuspunte is hieroor aangeneem waarin gepleit word dat alle kultuurgroepe ernstig moet saamwerk aan 'n gesamentlike en oorkoepelende nasionale bewussyn met die toelating vir die behoud en respek vir afsonderlike kultuurstrewes.

Etniese groepe moet 'n reg op wye assosiasie geniet op 'n basis van wedersydse aanvaarding en dat alle diskriminasie as gevolg van etniese identiteit, moet verdwyn.

Die politieke situasie het druk onder bespreking gekom en die groot besef dat almal in S.A. 'n nuwe bedeling moet bewerk, het voorrang geniet. Op die konferensie is aanvaar dat die huidige parlementêre struktuur wat die soewereine mag slegs aan een rassegroep toeken, nie vreedsame naasbestaan kan verseker nie. Daar is voortgegaan en gepleit dat 'n nuwe bedeling op 'n gelyke grondslag uitgewerk moet word. "Verandering in S.A. moet liefs uit 'n magsposisie, en nie uit 'n posisie van swakheid nie, bewerkstellig word. Hoe langer verandering in die land uitgestel word, des te minder relevant sal die rol van die blankes daarin wees".

Na afloop van die konferensie is 'n verklaring van voorneme uitgereik waarin 'n gebondenheid tot bevordering van kontak tussen alle studentegroepe in S.A. op grondslag van wedersydse respek en gelykheid moet plaasvind. Dialoog met swart kampusse moet uitgebrei word omrede kontak 'n belangrike instrument vir die bereiking van eenheid is. Die besef dat ons almal verantwoordelik is vir die toekoms van S.A. is beklemtoon.

Daar is 'n beroep gedoen op studenteleiers om nie toe te gee aan isolasie of konfrontasie bloot op grond van verskille nie.



'n Toneel uit Interview van Jean-Claude van Itallie. Heel agter staan Keriesa Botha en Murray Bridgman. Staande links is Dianne McCarthy en sittende is van voor na agter Conrad Heyns, Lorraine Craik, Wilhelm Liebenberg en Eugene Lötter.

# USAT SUKSESVOL IN GRAHAMSTAD

OM vier vm. Vrydagoggend die sesde Julie, het vyf-en-twintig half-bevrore en baie vaak drama-entoesiaste in 'n klein, geel-gestreepte bussie vanaf Neelsie vertrek. Die bestemming was die jaarlikse Grahamstad Kultuurfees, dié jaar aangebied vanaf die sewende tot die veertiende Julie.

Vier Universiteite, nl. dié van Stellenbosch, Pretoria, Rhodes en Kaapstad het deelgeneem. In teenstelling met die ander drie Universiteite, was dit nie Stellenbosch se Drama Departement nie, maar USAT wat twee eenbedrywe op die planke gebring het. Dit op sigself was 'n prestasie, aangesien die twee opvoerings goed vergelyk het met dié van die ander Universiteite – trouens, die Engelse eenbedryf, *Interview*, is nie-amptelik beskou as die tweede beste opvoering.

### TOT HIERTOE EN VERDER

Die Afrikaanse eenbedryf, *Tot Hiertoe en Verder*, deur Dawid Minnaar, 'n student van Stellenbosch, was eerste aan die beurt. Dit beeld 'n middeljarige, lewensmoeë ma uit, wat deur middel van illusie vir haarself en haar kinders 'n beter lewe probeer skep. Haar drie kinders is egter al drie mislukkelinge: die seun, J.C., is aan dagga verslaaf; die oudste dogter, Lilian, onderhou die familie deur middel van prostitusie en die jongste, Bekkie, is verstandelik vertraag. Hulle bring haar telkens met 'n skok na die werklikheid, maar elke keer kry sy dit reg om haar weer terug te trek in haar beskermende droomwêreld. Die drama bou op tot 'n skrikwekkende klimaks: J.C. bieg dat hy Lilian verkrag het om haar te beskerm teen sy pa se wellus en dat Bekkie, die "skoon" een, hulle gesien het. Dit laat sy ma se illusie van 'n beter, suiwerder lewe finaal in skerwe spat. Sy het dus op 'n punt gekom waar sy sonder "die heiligheid" moet verder.

Die spanning het geen oomblik verslap nie, grootliks te danke aan netjiese regie. Willie Lategan het die moelike rol van die verslaafde J.C. goed hanteer, alhoewel oortollige handgebare soms gehinder het. Joletta Payne, in die rol van Bekkie en veral Adele Coetzee in die rol van die ma, het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Die stuk vorm 'n netjiese afgeronde eenheid wat 'n kompliment is vir die regie van Christa Kotze.

### INTERVIEW


In teenstelling met dié Afrikaanse eenbedryf, was die Engelse eenbedryf, *Interview* deur Jean-Claude van Itallie, 'n ligte stuk. *Interview* vorm deel van 'n trilogie, *American Hurrah*, wat die eensaamheid van die individu in die verstedelikte Amerika uitbeeld.

In dié stuk het ons te doen met vier baie senuweeagtige werkloses wat ondervra word deur vier baie selfversekerde werkgewers. Laasgenoemde oordonder eersgenoemde totaal en die onderhoude loop uit op 'n chaos van stemme, waar almal praat en niemand luister nie. Hierna word die gebrek aan kommunikasie tussen mense en die eensaamheid van die indiwidu in die stad getoon in agt, kort en komiese sketsies. Al wat die sielkundige bv. vir sy pasiënt te sê het, is: "blah, blah, blah . . . money", en die priester raak aan die slaap langs die bieghokkie!

Die agt spelers het besonder goed gespeel en kennelik so 'n partytjie op die verhoog gehad dat die gehoor nie anders kon as om dit saam te geniet en die paar slordige oorgange oor te sien nie! Die regisseuse, Morlette Lindsay kan werklik geluk gewens word met *Interview*, alhoewel sy sê dat die spelers net so hard as sy geredigeer het!

Ons hoop nou dat die sukses van die afgelope drama-"toer" na Grahamstad ander belangstellendes sal aanspoor om volgende jaar ook deel te neem of om in hordes op te trek as ondersteuners van hulle mede Matie-akteurs!

ELMARI VAN NIEKERK



Joletta Payne as Bekkie in Tot Hiertoe en Verder.

# *Baie hoë lof vir Universiteitskoor*

DIE Stellenbosse Universiteitskoor, wat in die wintervakansie 'n uitgebreide toer in die buiteland onderneem het, het in sy optredes in Wes-Duitsland, Oostenryk en Israel staande toejuigings ontvang. In Salzburg is die koor bestempel as die beste koor wat nog in dié stad opgetree het.

### GROOT LOF

Die koor, wat sowat vier weke in die buiteland was, het onder meer in die Europese feesweek in München en die Zimriakoorfees in Israel opgetree. Die koor is oral in koerante groot lof toegeswaai. **'n Resensent van 'n dagblad in Passau, waar die koor ook opgetree het, het geskryf dat hy nog nooit 'n koor wat "tot so 'n onaanvegbare en suiwer intonasie in staat is", gehoor het nie.**

### OOSTENRYK

In Oostenryk was die Maties die gaste van die Oostenrykse Afrikaanse Vriendskapsklub, en hulle het in Salzburg en Gmunden opgetree. In Salzburg het prof. M.J. de Vries, rektor van die Universiteit van Stellenbosch, die optrede van die koor bygewoon.

Die Voorsitter van die Oostenrykse Afrikaanse Vriendskapsklub, dr. R. Möbius, het in 'n brief aan prof. de Vries geskryf dat die koor volgens vooraanstaande musiekkenners in Oostenryk die beste is wat nog in Salzburg opgetree het.

### ISRAEL

Ná sy besoek aan Europa het die koor, wat deur dr. Johann de Villiers gedirigeer word, sowat twee weke lank verskeie uitvoerings in Israel gelewer – onder meer aan die Libanese grens, waar Israeliese soldate met masjiengewere die saal bewaak het.


VERKOPING
van tweedehands
en NUWE FOTOGRAFIESE
toerusting vanaf
WOENSDAG
1 Augustus om 8.30 vm.



EDRICH
Ryneveldstraat 34
Stellenbosch
Foon 5420




'n Toneel uit Interview van Jean-Claude van Itallie. V.l.n.r. agter verskyn Wilhelm Liebenberg, Natalia de Rocha, Conrad Heyns en Keriesa Botha. Voor lê Dianne McCarthy.

# Filmfees gee aandag aan S.A. Rolprent

Gedurende die Stellenbosse Filmfees, wat die U.S. Filmvereniging van 30 Julie tot 3 Augustus as sy bydra tot die Drie-eeufees van die Eikestad aanbied, sal prof. Nusimovici, die Kulturele en Wetenskaplike raadgewer van die Franse Ambassade, persoonlik *La Belle et la Bête* (Beauty and the Beast) van Cocteau en *César* van Pagnol met Raimu aanbied.

Terselfdertyd het die Duitse Ambassade Jean-Marie Straub se *Chronik der Anna Magdalena Bach* (Die Kroniek van Anna Magdalena Bach) spesiaal vir die geleentheid ingevoer.

Die hoofdis van die filmfees sal egter hoogtepunte in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse rolprent wees.

Die eerste rolprentverslaggewers, wat ooit opgetree het, is die wat die Anglo-Boereoorlog op beeld vasgelê het. Snitte van hul werk sal gesien word in die voorprogramfilm, *Soek uit die Verlede*, wat ook 'n opname van President Kruger op pad na die Volksraad in Pretoria sal insluit.

Die oudste gereelde nuusfilm ter wêreld het ook sy ontstaan in Suid-Afrika gehad: *African Mirror*, wat later in die huidige *Spieël Internasionaal* sou oorgaan, is reeds in 1913 gestig.

Mnr. Johan de Lange, die hoof van die Nasionale Filmargief in Pretoria, het spesiaal vir die Stellenbosse Filmfees 'n film saamgestel van hoogtepunte uit ou *African Mirror* nuusrolprente.

### DE VOORTREKKERS

**African Film Productions van mnr. I.W. Schlesinger was ook verantwoordelik vir 'n ander belangrike mylpaal in ons filmgeskiedenis: *De Voortrekkers*, met die draaiboek van die gevierde historikus, dr. Gustav Preller, is vir die eerste keer in 1916 in Krugersdorp vertoon.**

*De Voortrekkers*, wat ook op die Stellenbosse Filmfees vertoon sal word, is destyds in die buiteland as *Winning a Continent* vertoon en het 'n gunstige vergelyking met die Amerikaanse meesterfilm *The Birth of a Nation* (1915) van D.W. Griffith uitgelok. Toe *De Voortrekkers* tydens die onlangse Kaapstadse Filmfees gedraai is, het kenners dit nog steeds hoog aangeslaan. Die produksieleier van hierdie film was Harold Shaw, wat spesiaal vir dié doel ingevoer is.

Seker die beste oorspronklike Afrikaanse Film tot op datum is *Die Kandidaat* (1968). Weens die goedgunstige medewerking van Emil Nofal wat sy persoonlik kopie van *Die Kandidaat* beskikbaar gestel het, sal hierdie film ook op die Stellenbosse Filmfees te sien wees.

Die produksieleier is Emil Nofal, wat saam met die regisseur Jans Rautenbach vir die draaiboek verantwoordelik is. Die hoofrolle word vertolk deur Marie du Toit (Paula Neethling), Gert van den Berg (Lourens Niemand) en Cobus Rossouw (Anton du Toit).

In die programnotas van die onlangse Kaapstadse Filmfees is *Die Kandidaat* soos volg opgesom: "This film devastingly tears apart prejudices of the wealthy urban Afrikaner. Extra-marital affairs are disclosed, the parentage of an orphan is meticulously revealed, political pasts are laid bare, and the verligte/verkrampte conflict dealt with. The film, which basically deals with a candidate for the post of a director of a foundation for the protection of Afrikaner interests, caused a major uproar in official circles. Only after much controversy and scepticism, was it recognised as a major contribution to the development of a challenging South African cinema." *Die Kandidaat* is dus nog steeds aktueel.

### DIE BESOEKER

Waarskynlik die vernaamste rolprentkunswerk wat Suid-Afrika voortgebring het, is *The Guest/Die Besoeker* van Ross Devenish, wat in 1977 sy wêreldprimère oor B.B.C.-televisie gehad het.

**In dieselfde jaar het dit die Grand Prix tydens die Locarne-Filmfees verower, en het dit ook 'n toekenning tydens die Berlynse Filmfees verwerf.**

Peter Fiddick het die volgende oor hierdie aangrypende daarstelling van die verslaafde Eugene Marais se besoek aan 'n Transvaalse plaas, in *The Guardian* (Engeland) geskryf: "It is memorably done, Fugard's slowly unwinding character study was matched by the director, Ross Devenish, and camaraman, Rod Stewart, with pictures sometimes lyrical, sometimes full of ring action. While Fugard's own performance stood out in its tautness and its range, it was surrounded by strength, most notably Gordon Vorster as the compassionate giant who found himself both host and spiritual adversary." *Die Besoeker* is dan ook die aangewese rolprent vir die lansering van die Stellenbosse Filmfees. Vir dié doel is dit gratis deur *Ster-Kinekor* beskikbaar gestel as hul bydrae tot die Stellenboschfees.

**MNR. FRITS STEGMANN**



*Die Akademiespelers (studente en dosente van die Akademie van Dramakuns) voer op 10 en 11 Augustus die ongepubliseerde eenbedryf* **Papierwyn** *van Hennie Aucamp op. Plekbesprekings kan by Pikkie Blommaert gedoen word. Die spelers op die foto is van links na regs Chris van Deventer, Tilla Diedericks, Tess van Staden en Elsa Grobbelaar. Die opvoerings vind plaas in die Libertas-teater.*

# Films oor Die Film

VIR die volgende vyf weke het die U.S. Filmvereniging 'n Woensdagaand-reeks met die titel *Films oor die film* gereël. Soos gewoonlik word die films om 19h00 in die Reitzsaal van die Ingenieurskompleks vertoon. Toegang is gratis.

Woensdagaand 2 Augustus word egter vir die Stellenbosse Filmfees oorgeslaan.

Die films dek verskillende aspekte van die filmkuns.

Daar is *Pictures that moved*, 'n vermaaklike film oor vroeë films uit Australië; film-genre: die komies-dramatiese *Story of the serials;* filmtegniek: *L'Emploi du temps* wat die moontlikhede van montage uitbeeld, en *Film: the art of the impossible* wat handel oor illusie-tegnieke in die filmkuns; animasie: *The eye hears, the ear sees,* 'n dokumentêre studie oor die werk van Norman McLaren, die beroemde animeerder uit Kanada; regisseurs: *Fellini: a director's notebook* en *Ingmar Bergman;* film-satire: *The gentle art of film projection* en *The Dove*, wat 'n aardse spottery met die films van Ingmar Bergman is; interpretasie van films: Ernest Pintoff se *The Critic* wat spot met kundiges en onkundiges oor die interpretasie van abstrakte films; die nasionale filmkuns: *The six-sided triangle* wat 'n enkele tema – die ewige driehoek – in die styl van verskillende nasies uitbeeld; en 'n toekomsblik: *The shape of films to come.*

**W.J.v.d.W.**

# kuns kalendar

**KONSERVATORIUM.** (alle uitvoerings 20h00)

**27 Julie:** Studente van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege.

**1 Augustus:** Steven de Groote – klavieruitvoering.

**24 Augustus:** Universiteitsblaaskwintet.

**7 September:** Kamermusiek – de Groote-gesin.

**D.F. MALAN-GEDENKSENTRUM**

**11 Augustus:** Blaasorkesfees.

**FILMVERENIGING.**

Sien hiernaas.

**H.B. THOM-TEATER** (20h15)

**27 en 28 Julie:** *You never can tell* C. Bernard Shaw.

**NICO MALAN-TEATER.** (20h15)

**27-31 Julie:** *Klaas wil Baas wees.*

**tot 11 Augustus:** *Fiddler on the roof.*

**KAAPSE STADSAAL.** (20h15)

**2 Augustus:** Simfonie-orkes. (solis – Roger Delmotte)

**9 Augustus:** Simfonie-orkes. (solis – Michael Brimer)

**KUNSUITSTALLINGS.**

**Vilka Gallery: 31 Julie – 11 Augustus.** Johan du Preez.

**U.S. Kunsmuseum: tot 30 Julie** Paul du Toit.

**6 Augustus – 29 September** S.C. Malan.

**Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum:** (Tuine, Kaapstad).

**Julie:** – Paul Nash – fotograaf.

– Daubigny, Corot en die Cliche-verre.

– Vroeë 20ste eeuse Engelse Skilderye.

– Suid-Afrikaanse werke uit vaste versameling.

– Koets en jagtonele uit die Sir Abe Bailey-versameling.

# Penseel verleen geleentheid aan studenteskrywers

*PENSEEL*, die blad van die Afrikaanse Studiekring (ASK), is vanjaar tien jaar oud. Baie mense verkeer in onkunde oor die blad. Ons het vandeesweek met die redaktrise van *Penseel*, Maria Rautenbach, 'n tweede jaar BA-student, gesels en die volgende vrae aan haar gestel:

**Vraag: Wat is die doelstelling van *Penseel*?**

Dit is om literêre bedrywighede op die kampus aan te moedig deur aan studentedigters en prosaïste die geleentheid te bied om hul werk te publiseer.

**Vraag: Watter bekende Afrikaanse digters het in *Penseel* begin publiseer?**

O. a. Marlene van Niekerk en Fanie Olivier.

**Vraag: Wat is die gehalte van die bydraes wat u ontvang?**

Die gehalte van bedraes wat ontvang word, wissel baie. Die mees algemene foute wat sommige bydraes se gehalte baie verlaag, is 'n te eng persoonlike styl wat neig na die sentimentele, of 'n hoogdrawenheid wat aanleiding gee tot vaagheid en pretensie.

**Vraag: Watter maatstawwe gebruik u wanneer u bydraes beoordeel?**

Die redaksie poog om 'n sekere literêre standaard te handhaaf wat oor die algemeen die volgende maatstawwe behels: Die gedig moet 'n tematiese eenheid vorm; beeldspraak en woordgebruik moet funksioneel wees en met die nodige vaardigheid aangewend word; oorspronklikheid wat betref tema, beelde en woordgebruik.

**Vraag: Is daar belangstelling van studente wat nie Afrikaans en Nederlands neem nie?**

Daar is heelwat belangstelling van studente wat nie Afrikaans en Nederlands neem nie. Belangstelling in *Penseel* is egter oor die algemeen relatief min en die redaksie wil graag studente in alle fakulteite aanmoedig om bydraes in te stuur en op hoogte te bly met die werk wat in *Penseel* gepubliseer word. Die redaksie nooi verder veral bydraers wie se werk nie geplaas is nie, om hulle bydraes met ons te kom bespreek.

**Vraag: Hoe word *Penseel* aan die studente bekend gestel?**

All kennisgewings i.v.m. *Penseel* word op die kennisgewingborde geplaas. Verder word resensies oor elke *Penseel* in *Die Matie* gepubliseer.

**Vraag: Wie keur die werke wat in *Penseel* gepubliseer word?**

Die huidige redaksie van *Penseel* bestaan uit: Maria Rautenbach (Unielaan 18, Stellenbosch), Wilhelm Liebenberg (K210 Wilcocksgebou) en Paul Cilliers (Dagbreek).

**Vraag: Oorweeg u dit om *Penseel* meer as twee maal per jaar die lig te laat sien? Dink u nie dit sal meer studentedigters kans gee om hulle werk te publiseer nie?**

Dit sou definitief wenslik wees om *Penseel* meer as twee maal per jaar te laat verskyn, maar aangesien die ASK a.g.v. sy klein ledetal 'n baie beperkte toelaag van die SR ontvang en dit verder deur so min studente gekoop word, is dit vir ons op hierdie stadium onmoontlik om *Penseel* meer dikwels te laat verskyn. Meer aktiewe belangstelling van die studente sou die situasie aansienlik kon verbeter.

# ANTONIONI

*L'Avventura* (Antonioni, 1960) Reitzsaal, Saterdag 19h00, 28 Julie.

### SAMUELS

Oor die belangrike film van Antonioni, skryf C.T. Samuels soos volg: Fundamentally, *L'Avventura* contains an implied parallel with the *Odyssey*, which mostly took place in the same Sicilian locale, and which provides the Western mind with its definitive image of adventure and search. The point of comparison, of course, is that the modern quest, indifferent to its object, must turn inward. Thus Antonioni fills the background with the symbols of former validity to point up their debasement in the modern world.

### BY-PROGRAM

*Lines Horizontal*, 'n abstrakte animasiefilm deur Norman McLaren, met die kitaarmusiek van Pete Seeger.

*Flatland*, 'n politieke satire.

Cobwebs
Dorpstraat 145
Ons het 'n groot voorraad boekmandjies Ontvang!
Juweliersware
Kerse
Beursies
Sy - serpe
Ons maak ook gaatjies sonder traantjies!

# Gokke gee Mulder 'n Helde-ontvangs

FRANCOIS DU BOIS

**DIE studente van die Goudstadse Onderwyskollege het onlangs by twee geleenthede gewys dat hulle die jongste pogings van die regering om weg te beweeg van diskriminasie op grond van velkleur, teenstaan. Tydens 'n vergadering wat deur dr. C.P. Mulder toegespreek is, en in 'n artikel wat in hulle studentekoerant, *Die Skerpioen*, verskyn het, het die Gokke geen twyfel gelaat oor hulle sienswyse nie.**

'n Helde-ontvangs het dr. Connie Mulder te beurt geval toe hy op 13 Junie in 'n stampvol saal opgetree het. **Dr. Mulder, wat deur die ASB-tak van Goudstad uitgenooi is om te praat oor die rol van die Afrikanerstudent in die hedendaagse politiek, het dit blykbaar belangriker geag om sy standpunt oor "onkonvensionele inligtingsmetodes" te verdedig en aan die regering eise te stel, as om hom by die onderwerp te hou.**

Dr. Mulder het die finansiering van *The Citizen* met staatsgeld probeer regverdig deur aan te voer dat dit net so regverdig is om geld aan 'n koerant te bestee "as dit in belang van die land geag word", as wat dit is om geld aan wapens vir verdediging te bestee. Hy het egter nagelaat om te sê hoekom mens dit in belang van die land moet ag as 'n koerant wat uit en uit die regerende party ondersteun, met die belastingbetalers se geld, wat ook die geld insluit van opposisie ondersteuners, gefinansier word. **Sy standpunt het groot byval gevind by die Gokke en hy is luid toegejuig.**

In antwoord op 'n vraag oor die Wiehahn-Kommissie se verslag, was dr. Mulder nie bereid om sy "volle standpunt" oor die verslag te gee nie. Hy het gesê dat daar weg beweeg moet word van diskriminasie. Op 'n ander vraag het hy egter geantwoord dat die bedingingsmag wat die swart werker deur vakbondregte in die ekonomie kry, "die land dalk nog suur sal bekom."

### INSPIRASIE

'n Skild met die kollegewapen daarop is as 'n huldeblyk aan dr. Mulder oorhandig. "Hierdie gebaar sal my inspireer om voort te gaan om my land te dien soos ek dink dit gedoen moet word! " het 'n verheugde dr. Mulder gesê. Sy woorde is met staande toejuiging beantwoord.

### WIEHAHN EN RIEKERT

In dieselfde uitgawe kom die verslae van die Wiehahn- en Riekert-Kommissies onder skoot. Die aanbevelings van die Wiehahn-kommissie word afgemaak as 'n "liberalistiese poging wat gerig is op gelykstelling en wat vir die witman onsekerheid en irritasie sal bring en die moontlikheid van arbeidsonrus sal verhoog".

In die berig wat deurspek is met emosionele frases, word gesê dat die registrasie van swart vakbonde 'n instrument sal verskaf aan "die groot geldbase, buitelandse vyande en binnelandse ondermyners" om politieke toegewings af te dwing, net soos die gemengde nywerheidsrade sal dien as 'n basis vir groot werkgewers om "met swartmense saam te span teen die blanke werkers ten einde 'n politiek van gelykstelling te bevorder en af te dwing."

### GEVOLGE

*Die Skerpioen* beskou die afskaffing van werkreservering as "een van die gevaarlikste skuiwe van die Wiehahn-kommissie". **Die blad voorspel dan ook dat die wit arbeider uit sy werk verdring sal word deur die groot getal swartmense "wat as gevolg van die hoë aanwas elke jaar tot die arbeidsmag toegevoeg sal word"**

Na aanleiding van die Riekert-kommissie se aanbevelings dat instromingsbeheermaatreëls drasties gewysig moet word en slegs op die beskikbaarheid van goedgekeurde behuising en werksgeleenthede gebaseer moet word, sê *Die Skerpioen*, dat dit 'n toeloop van swartmense na "blanke gebiede" sal veroorsaak soos nog nooit tevore nie.



DR. CONNIE MULDER

## *Doen nou aansoek!*

DIE volgende poste in *Die Matie* se redaksie is nog vakant:

Sub-redakteur, Sosiaal
Sub-redakteur, Sport
Sosiale verslaggewer (2 poste)
Sportverslaggewer (5 poste)
Fotograaf (2 poste)
Hoofverspreider
Verspreider (2 poste)

Aansoeke moet gerig word aan die voorsitter, Publikasie-komitee, SR-kantoor, L.S.S.

# *GROOT MENINGSVERSKIL OOR MAGERSFONTEIN*

LANKLAAS het 'n Afrikaanse letterkundige werk soveel opspraak verwek soos *Magersfontein O! Magersfontein* van Etienne Leroux. Hierdie boek raak die hele Afrikaanse samelewing en daarom ook die Afrikaanse student. *Die Matie* het ondersoek ingestel na die reaksie op hierdie roman van ons mede-studente oorkant die Vaalrivier. Hieronder volg dan die menings van 'n paar PUKKE en RAUKIES.


Die redakteur van die Potchefstroomse studentekoerant, *Die Wapad*, skryf in die uitgawe van 22 Junie 1979 dat die voortgaande debat oor die roman, *Magersfontein O! Magersfontein,* bewys dat "die Afrikaner nog dink en nie die winde van verandering klakkeloos aanvaar nie". Die redakteur vaar veral uit teen persone wat sonder voldoende feitelike kennis aanhoudend hul eie menings stel terwyl hulle geen begrip vir ander persone se standpunte toon nie. Volgens hom het bogenoemde stand van sake duidelik geblyk op 'n vergadering van die Potchefstroomse werkgemeenskap van die Akademie van Wetenskap en Kuns. Hy sluit af deur sy lesers te waarsku dat hulle sal moet besef dat *Magersfontein O! Magersfontein* nie op 'n Sondagagtermiddag deurgelees kan word nie. Volgens hom moet 'n deeglike studie 'n goed gebaseerde mening voorafgaan.

In dieselfde uitgawe van *Die Wapad* skryf nog 'n Puk, mnr. André van der Walt, dat die skrywer vandag nie meer vir die volk skryf nie of dalk eerder dat die volk vandag nie meer die skrywer se werk lees nie. **Volgens hom is die hedendaagse letterkunde, ook in Afrikaans, net vir twee groepe bedoel: die letterkundiges en die letterkundeliefhebbers. Hy neem ook niemand kwalik as hulle nie alles in *Magersfontein O! Magersfontein* verstaan nie (hyself verstaan ook nog nie alles nie).** Volgens hom staan daar ander Afrikaanse boeke op ons rakke wat "niks minder of meer vuil" is as hierdie boek nie. Sommige van hierdie boeke is ook Hertzogpryswenners. Ook in sommige gedigte in *Die Wapad* word die naam van God gebruik en bepaalde suggesties gemaak. Nou vra mnr. van der Walt– "Is dit dubbele standaarde, of kerm en kla ons maar almal agter mekaar aan soos 'n klomp skape? ". Mnr. van der Walt stel ten slotte voor dat as ons dan moet fout vind, ons liewers kan kla oor literatuur wat van geen letterkundige waarde is nie en/of dan ten minste konsekwent kan kla oor letterkundige werke wat aanstoot kan gee.

In die studentekoerant van die Randse Afrikaanse Universiteit, *Die Heraut*, word daar in die uitgawe van 23 Mei 1979 berig dat 'n meningsopname oor *Magersfontein O! Magersfontein* op die RAU-kampus gedoen is. Uit hierdie opname het geblyk dat ongeveer vyftig persent van alle ondervraagdes die boek as "'n goeie letterkundige werk" beskou. Hierdie persone meen dat die verbod op die publikasie van die boek dui op die verkramptheid van die Afrikaner. Volgens hulle is die boek bloot "eerlik en op-die-man-af" geskryf. Ander persone het die boek egter as "afbrekend vir die volk se moraal" beskou en sommige het dit selfs as "vervelig en kinderagtig" beskryf.

**Wat ook al gesê is of nog gesê gaan word oor *Magersfontein O! Magersfontein,* een ding staan vas: Die stryd tussen die hedendaagse skrywers en die Publikasieraad is nog lank nie verby nie!**

DIE STANDARD BANK-TJEKREKENING: VIR JONG VOLWASSENES.





Neem u salaristjek na enigeen van ons 900 kantore. Sê u wil graag 'n tjekrekening open. En u sal verbaas wees hoe maklik dit is om 'n bankrekening te open.

Ons nooi u uit om te sit. Ons vra u 'n paar vrae oor uself - niks om u ongemaklik te laat voel nie. Ons vra u 'n proefhandtekening.

Skielik is al die dienste van die Standard Bank tot u beskikking.

Standard Bank

Die Standard Bank van Suid Afrika Beperk

(Geregistreerde Handelsbank)

SB789 155/A

# "DIE MATIE" 1979: WAT SÊ ONS OUD-REDAKTEURS?



PROF. A.H. VAN WYK



DS. ERNST LOMBARD

**Ds. Ernest Lombard, student van die Universiteit van Stellenbosch 1958–1966.**

*Hoe het u Die Matie in daardie tyd gesien, en hoe sien u dit vandag?*

As ek 'n algemene opmerking mag maak oor *Die Matie* van daardie jare sou ek sê dat dit toe meer van 'n studentekoerant was. *Die Matie* van vandag beweeg veel meer in die rigting van die studentepolitiek, is veel meer polities georiënteerd, en dus meer soos enige van die ander dagblaaie. 'n Mens kan dus sê **daar het grotendeels 'n klemverskuiwing plaasgevind, en wel wég van die tradisionele kampusblad, en nader na die konvensionele dagblad.**

*Het daar, na u mening, enigsins 'n klemverskuiwing plaasgevind in die beriggewing van* Die Matie *sedert toe?*

Ek het 'n gevoel dat *Die Matie* in my tyd meer 'n mondstuk van die studenteraad was as vandag. Miskien het dit toe amper te veel van die Studenteraad se mening weergegee en dit ook te veel verdedig. Vandag neem *Die Matie* veel meer van 'n onafhanklike standpunt in, en is baie meer krities as in my tyd. *Die Matie*, as koerant, is baie goed en wat die politieke terrein betref, selfs aggressief. **Die vraag is nou of dit nie té veel oorhel na die politieke terrein nie, met te min aktuele kampusnuus nie.** Terwyl Stellenbosch vandag so groot is, en baie studente het, is daar miskien werklik 'n behoefte aan 'n aktuele studentekoerant, wat tog weer die kampus so 'n bietjie kan bymekaartrek. Baie van die politieke beriggewing kan 'n mens aan die dagblaaie oorlaat.

*Sou u Die Matie as enigsins links of regs beskou, ten opsigte van algemene opinie?*

Wat 'n mens wel kan sê, is dat *Die Matie* sekerlik nie regs is van algemene opinie nie. Dit is nou: studente-opinie soos ek dit ken. **Ek dink nie *Die Matie* verkondig 'n standpunt wat regs is daarvan nie.** Of dit in die kol is, en of dit links is, dit is vir my moeilik om te sê.

**Die ASB het op die laaste kongres veel nader beweeg aan die standpunte wat die afgelope jare op Stellenbosch gehuldig is.**

**Prof. A.H. van Wyk, dekaan van die fakulteit Regsgeleerdheid.**

*Hoe sien u die verandering wat plaasgevind het in Die Matie vanaf die tyd van u redakteurskap tot vandag?*

*Die Matie* het saam met die studentegemeenskap as geheel geloop. In die vroeë 1960's met die affiliasie by die ASB, was sy posisie nog nie 'n vraagteken nie. *Die Matie* was soos die studente destyds, minder krities ingestel. In die laat 1960's, met die ASB-stryd, het dit steeds meer voorgekom dat die studente die hele benadering van studenteleierskap bevraagteken het. *Die Matie* het tred gehou met hierdie toenemende kritiese benadering.

**Dit is 'n wêreldwye tendens dat die studente van die afgelope twee dekades meer en meer krities ingestel is.**

*Sou u sê dat Die Matie besig is om in enige spesifieke rigting te beweeg?*

Ek kan geen opinie uitspreek of beleidsrigting goed of sleg is nie. Die redaksie moet egter besef dat hulle bereid moet wees om politieke kritiek te aanvaar. Dit is goed dat *Die Matie* en SR as moontlike leiers van die toekoms reeds sou al aandag daaraan gee. *Die Matie* moet egter besef dat hy as spreekbuis optree van alle studente. Dus moet hy alle standpunte raaksien en weergee. *Die Matie* self kan standpunt inneem maar moet egter van sy kolomme uithou vir ander menings. Dit is jammer dat dit prakties nie moontlik is dat daar meer as een koerant op die kampus kan bestaan nie.

*Watter neiging in die beleid van Die Matie sou na u mening die meeste pertinent wees?*

**Dit is opvallend dat *Die Matie* in die laaste jaar steeds meer na buite beweeg het. Twee jaar gelede was die tendens meer net studentekritiek op studentegebeure.** In die laaste jaar is meer standpunt ingeneem oor landsbelange in die algemeen. Dit geskied dan ook in opdrag van die studente-unie soos gesien kan word uit die twis verlede jaar oor die posisie van die SR. Hierdie tendens is niks nuuts nie.

**Etienne van Heerden, redakteur 1976–77.**

*Hoe het u* **Die Matie** *in u tyd gesien?*

Die funksie van *Die Matie* is tweeledig:

1. Dit moet streef na objektiewe beriggewing van alle kampusgebeure, sonder dat die redaksielede se persoonlike standpunte die beeld vertroebel.
2. *Die Matie* is 'n ideë-blad, wat denke op die kampus moet stimuleer en lei, om die studente-unie te laat besin op alle gebiede.

In die termyne vóór 1977 het *Die Matie*, soos alle ander Afrikaanse studentekoerante, eksklusief oor studente-aangeleenthede besin. Ons het egter gevoel dat die tyd meer aktuele besinning verg en met skoorvoetende beriggewing oor bv. die plakkersprobleem begin, ook met aktuele rubrieke soos *Matie-Gesprek* en *Menings-Aktueel*. Dit is goed ontvang – kort daarna begin die SR ook oor landspolitieke sake besin. Hierdie aanvoringswerk is verder gevoer deur Chris Heymans in sy termyn – die jaar na myne – en allerweë word sy termyn as die eintlike waterskeiding beskou.

*Daar is gerugte dat Die Matie te liberaal is ten opsigte van sy politieke menings en standpunte, wat is u standpunt hieroor?*

Elke jaar kla die regse faksie dat *Die Matie* te links is. Dit staan hulle egter vry om aansoek te doen om 'n pos, en kan deur harde werk en bepaalde vermoëns, wat meer gewig dra as politieke siening, vorder. Dan kan hulle die beleid van *Die Matie* omswaai na 'n meer regse beleid.

Daar bestaan 'n driehoeksverhouding tussen die SR; *Die Matie;* en die algemene studente-unie. Omdat die studente die SR demokraties verkies, is hulle meer in ooreenstemming met die studente-massa se politieke opinie, wat veel regser blyk te wees. Die *"balance of powers"* moet egter bestaan. Die tipe spanningsverhouding tussen die drie, is 'n baie gesonde toestand.

Volgens die grondwet, Art. 2 B(1), is *Die Matie* die mondstuk van die SR, sowel as die studente-unie, en dit mag lyk na ingeboude teenstrydigheid in die reglement. Dit is baie moontlik dat die SR en die studente-unie kan verskil. Al manier om van hierdie teenstrydigheid te ontsnap, is om aan *Die Matie* 'n selfstandige en opinie-reg te gee. *Die Matie* is sy éié mondstuk; die SR kan reglementêre beheer uitoefen, die studente-unie kan 'n monstervergadering hou, maar *Die Matie* is een van die laaste bastione van onbesoedelde politiek in Stellenbosch – laasgenoemde met die tong in die kies!

**Freddie Marais, redakteur van *Die Matie*, 1975–76.**


*Die Matie* het basies onveranderd gebly. Alhoewel dit gefikseer het, het die standaard tog verbeter.

Dit het definitief polities meer uitgesproke en waaghalsig geraak. Ek sou nie sê dat *Die Matie* linksgesind is nie. *Die Matie* het nog altyd die probleme na links en na regs aangeval en geopenbaar.

Die SR was meer regsgesind en vanaf ongeveer 1974 was die politiekeklimaat meer regsgesind. Daarom het mense *Die Matie* as linksgesind beskou.



FREDDIE MARAIS



ETIENNE VAN HEERDEN

# MATIE-MENINGS:

DAAR loop gerugte rond dat *Die Matie* baie links is, en verskillende menings is gevra.

**Graeme Waters, Libertas L.O.:** Ek dink dit is 'n goeie nuusblad, "straight forward"; 'n tipiese Matiekoerant, wat die studente op hoogte van sake hou. Die berigte is neutraal en verskaf direkte feite. "It is a magazine in paper form."

**Mnr. Jan Lombard, Departement Bedryfsekonomie:** Relatief tot ander universiteitsblaaie, is die taalversorging en aanbieding van *Die Matie* in die algemeen die beste. Hulle beklemtoon meer die verligte standpunt as die "nie-verligte" standpunt. Die balans ten opsigte van aktuele sake van die dag, kultuur en sport is baie goed.

**Swys Joubert, Libertas, L.O.:** In *Die Matie* is min artikels oor algemene studentesake. Te veel aandag word aan die politiek gegee. Sport word afgeskeep. Die politieke berigte is effe liberaal en nie die algemene student se mening nie.

**Magdaleen Kruger, Monica, B.A.:** *Die Matie* is vir al die studente op die kampus, en almal wat menings wil gee, moet toegelaat word om sy mening openlik te gee.

**Eddie Scott, Simonsberg, B.Comm. Honeurs:** Ek is beïndruk deur die algemene opset van *Die Matie*. Dit dek alle aspekte van die kampuslewe; daar is egter te min kultuur en te veel sport. Alhoewel die koerant nie te radikaal is nie, was die beriggewing in verband met die ASB effens teenstrydig met die algemene mening op kampus.

**Appie Rautenbach, B.Ing, Privaat–:** Die sinnelose gewirwar van sekere skrywers se gedagtes oor aspekte van kardinale belang rakende die deursnee-student op dié kampus, maak my lam. Aldus kom ek tot die gevolgtrekking dat hierdie bladjie baie ver regs is.

**Beth Swinford, Minerva, B.A. Skone Kunste:** Speaking in rugby-terms which seem to dominate the larger proportion of the sport pages, there does not seem to be any great difference between left and right wing. The same applies to *Die Matie*.

**Brian Finkelstein, Libertas, Kliniese Sielkunde:** Daar word te min aandag aan politiek gegee, en die konserwatiewe menings word sterk beklemtoon. Ek dink daar moet meer aandag aan die liberale menings gegee word.

**Ena Naudé, Monica, B.A.:** Ek is mal oor *Die Matie*, en altyd eerste om hom te lees.

**Greg Morse, Simonsberg, B.Comm.:** Daar is te veel politiek in die koerant en te min kampusnuus. Die koerant is baie liberaal, en nie almal is in politiek geïnteresseerd nie.

**Guddie Alexander, Minerva, B.A.:** Wat my betref is hy links van regs, maar nog nie links genoeg nie.

**Christine Grabe, Heemstede, B.Sc:** Dit gee 'n algemene oorsig van die kampusnuus, maar ek dink dit moet meer sê waar daar sokkies is, wat wys by watter fliek, en ook aankondig wanneer 'n restaurant 'n studente *special* (laer pryse) aanbied. Politiek moet heeltemal uitgeskakel word, en daar moet meer sulke artikels soos perspektief wees.

**Richard Steen, Pieke, B.Prim:** Politieke beriggewing gee slegs die SR se mening weer en is nie 'n korrekte weergawe van die studente se menings nie.

**Danie Smit, Helderberg, B.Ing.:** Dit is 'n vrye studente-koerant wat deur sekere persone uitgebuit word vir eie gewin.

**Kennedy Nel, Simonsberg, B.Sc.:** Die koerant is te liberaal, en gee slegs die SR se politieke menings weer.

**Eugène Koekemoer, Helderberg, B.A. Regte:** *Die Matie* is geneig om artikels te plaas wat té neutraal is. Is die skrywers dan te bang om standpunt in te neem? Van linksheid is daar geen sprake nie, 'n balans tussen links en regs sal meer effektief wees, en die twee standpunte sal die koerant se kwaliteit verhoog.

**Sibert Benade, B.Ing.:** Ek sou sê *Die Matie* is rustig positief.

**Kobus van der Merwe, Oude Molen, Honeurs Volkekunde (Oud Tukkie):** Die berigte is nie verteenwoordigend van die algemene studentemening nie. Sportberigte is nie na wense nie. Die politiek is goed, net 'n bietjie te regs.

**Johan Stander, Huis van Zyl, Kweekskool:** Daar is te veel politiek in die koerant veral wat betref die berigte oor die ASB. Verder is dit redelik, maar meer aandag kan aan die aktuele gebeure op kampus gegee word.

**Vincent Lawrence, Helderberg, B.Comm.:** Te regs na my sin.

**Johan van Zyl, Helshoogte, B.Comm. Honneurs:** Die koerant is interessant, en handhaaf 'n neutrale standpunt oor politieke sake.

**Chris Potgieter, Wilgenhof, B.A. Admissie:** Die koerant is oor die algemeen neutraal, behalwe vir enkele linksgesinde artikels. Die hoë kreatiewe taalgebruik moet 'n bietjie aarde toe gebring word.

'N ALLIED-SPAARREKENING IS NIE NET VIR SPAAR NIE!

'n Gewone Allied-Spaarrekening is eintlik 'n "Geriefrekening" want u geniet hierdie 10 gerieflike voordele:



1. **Gerieflike onttrekkings** — by enige tak of agentskap, na geskikte identifikasie.
2. **Gerieflike trekfasiliteite op vakansie** — daar is 'n Allied-tak naby u, waar u ook al in die land rondreis.
3. **Gerieflike oorplasings** — maandelikse betalings van subskripsie-aandele of huisverbande kan gereël word.
4. **Gerieflike, gesamentlike rekenings** — egpare kan 'n rekening gesamentlik of afsonderlik gebruik.
5. **Gerieflike diens aan dames** — al is u in gemeenskap van goedere getroud, kan u 'n rekening sonder u man se magtiging open.
6. **Gerieflike rekening vir minderjariges** — almal ouer as 16 kan 'n rekening open en gebruik sonder magtiging van hul ouers of 'n voog.
7. **Gerieflike inbetaling van salaris** — vra u werkgewer om u salaris regstreeks in u spaarrekening in te betaal
8. **Gerieflike kostebesparing** — geen grootboekgelde of ander koste nie.
9. **Gerieflike spaarboekie** — u weet altyd presies hoeveel u in u rekening het.
10. **Gerieflike manier om te begin spaar.** U kan met slegs R1 begin. Die maksimum perk vir 'n spaarrekening is **R25 000.**

Besoek binnekort enige Allied-tak en benut al die geriewe van 'n spaarrekening by ons.

ALLIED
die bouvereniging naaste aan u.

Bates oorskry R1 600 000 000

**Die Matie**

Vrydag 27 Julie 1979

Dit wil voorkom asof daar 'n taamlike meningsverskil bestaan oor die posisie van *Die Matie* en die rol wat dit as studentepublikasie behoort te speel. Wyduiteenlopende standpunte word van weerskante aangaande *Die Matie* ingeneem. Sommige meen dat dit openlik daarop uit is om die opposisiepartye te ondersteun, terwyl ander sê dat dit "ver regs is". Miskien is dit nou, aan die begin van die termyn, 1979 – 1980, met 'n splinternuwe redaksie, die regte tyd om duidelik uit te spel wat ons mening is omtrent die posisie van *Die Matie.*

*Die Matie* moet ten alle tye poog om objektief te wees in sy beriggewing. Dit sou verkeerd wees as enige redaksielid sy persoonlike stempel (hiermee bedoel ons veral politieke standpunt) op die koerant wil afdruk. Die studentemassa is van nature taamlik apaties teenoor politieke aangeleenthede. Dit is *Die Matie* se plig om sy lesers te stimuleer en te lei tot groter belangstelling en kreatiewe denke (om die geykte terme te gebruik).

*Die Matie* is van voorneme om sy beriggewing so te kies dat dit 'n realistiese beeld weergee van die samelewing waarin ons ons daagliks bevind. Die keuse van berigte behoort van so 'n aard te wees dat daar nie gesê kan word dat *Die Matie* meer prominensie aan 'n spesifieke politieke standpunt verleen nie. *Die Matie* sal nie toelaat dat hy deur 'n sekere drukgroep, van watter aard ookal, beheer word nie.

Die hoofdoel van 'n studentekoerant soos dié is om informatief van aard te wees. *Die Matie* sal probeer om objektiewe inligting weer te gee. Dit sal konsentreer op aangeleenthede wat die studentelewe direk raak, maar soms ook aan sake met 'n landspolitieke inslag aandag gee. Dit behoort dan vir die leser 'n geleentheid te bied om subjektief hieroor standpunt in te neem. Die redaksie sal verantwoordelik optree in dié verband en sal streef om realisties binne die vasgestelde grense op te tree.

Dit is natuurlik moeilik om almal tevrede te stel. Daar sal steeds diegene wees wat nie genoeë neem met die tipe beriggewing wat in *Die Matie* verskyn nie. Dit is normaal. Wat 'n kwade dag sal dit nie wees as 'n studentekoerant nie meer krities kan staan teenoor dit wat kritiek verdien nie. Om alles uit 'n negatiewe oogpunt te beskou, is egter net so fataal soos eensydige beriggewing.

Hoewel *Die Matie* 'n produk van die hele redaksie is, kan die redakteur tog in die hoofartikel 'n persoonlike mening lig. Terdeë bewus daarvan dat *Die Matie* Stellenbosch se beeld na buite uitdra en 'n rol speel in die opinievorming op die kampus, glo ons nie dat so 'n persoonlike standpunt so ver van die algemene gevoel kan afwyk dat dit 'n probleem kan veroorsaak nie.

## LINKSE GELUIDE

Die ASB het heelwat pogings aangewend om die beeld van 'n denkende Afrikanerjeug na buite uit te dra. Vir die eerste keer in die geskiedenis is nie-blanke sprekers uitgenooi om die bondskongres toe te spreek. Dit is voorwaar 'n positiewe stap. Geluide word nou gemaak dat Stellenbosch, wat vroeër vanjaar besluit het om nie terug te gaan na die ASB nie, nou sal moet bontspring om kers vas te hou by die *verligte* denke wat die kongres getipeer het.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die deursnee mening van Stellenbosch nie by die kongres verteenwoordig was nie. Dit kon 'n skewe beeld geskep het.

Hoe lui die ou spreekwoord nou weer? *Waar Stellenbosch gister was, is die ASB oormôre.*

**REDAKSIE 1979**

HOOFREDAKTEUR: KOBUS PIENAAR, Concord 24 (tel 7345) (tel Redaksiekantoor 5979)
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: COENRAAD PIETERSE, Eendrag (tel 2101)
AKTUELE REDAKTEUR: FRANCOIS VAN DER MERWE, Huis Marais (tel 2234)
ADVERTENSIE BESTUURDER: PIETER VAN NIEKERK, Eendrag (tel 2101)
NUUSREDAKTEUR: ANTON KRUGER, Jonkershoekweg 29 (tel 3527)
INTER-UNIVERSITÊRE REDAKTEUR: LE ROI STEENKAMP, Dagbreek (tel 3633)
SPORTREDAKTEUR: ARI OBERHOLZER, Majuba 305 (tel 2010)
KUNSREDAKTEUR: ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14, (tel 6330)
SUB-REDAKTEUR, NUUS: P.F. LOUBSER, Stellenbraak
A.D. VAN NIEKERK, Hoflaan 12 (tel 5243)
SUB-REDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR: S.J. VAN SCHALKWYK en K. SIEBERHAGEN, Eendrag (tel 2101)
SUB-REDAKTEUR, KUNS: ANNE-LISE LAMONT, C31, Nemesia (tel 7150)
HOOFFOTOGRAAF: MARIUS GREEFF, Van Riebeeckstraat 40 (tel 4349)
NUUSVERSLAGGEWERS: F. de Jager, J.W. Roos, P. Stais, D. van Niekerk, R. Kotzé, C.L. van Schalkwyk, T. Swart, J.A. Marais, C.F. Nicholson.
INTERUNIVERSITÊRE VERSLAGGEWERS: J.F. Nortier, S.F. Saaiman, D.M. Jacobs, H. Greyling, F. du Bois.
SOSIALE VERSLAGGEWERS: A.J. Mouton, L. Odendal, K. Herselman, M. Alexander, C. Engelbrecht, A. du Toit.
KUNSVERSLAGGEWERS: L. Maas, A. Roussouw, L. Jacobs, R.M. Sater, K. Vermeulen, E. van Niekerk.
SPORTVERSLAGGEWERS: H. Volkman, N.E. Lambrecht.
SPOTPRENTTEKENAARS: Thomas Tyler, Koos Botha.
FOTOGRAWE: W. van der Westhuizen, C. Sippel.
SEKRETARESSE: SANDRA VENTER, Mooi Annie, H/v Bosman en Victoria Str (tel 6523)

# Uit die Studenteraad




FRANCOIS VAN DER MERWE

Die huidige SR nader die einde van sy termyn vinnig. Op die mees onlangse SR-vergadering en ook die eerste van hierdie kwartaal was daar duidelike tekens van termynuitputting en afwagting vir die dreigende bewindsoorname.

Na die vakansie was daar vele sake van 'n administratiewe aard waaraan die Raad onverwyld aandag moes skenk. In afwyking van die afgelope aantal jaar se gebruik dat die voorsitter van die Raad ook voorsitter van die stembuskomitee vir die SR-verkiesing is, is mnr. Etienne Rabe tot hierdie posisie aangewys. Die Raad het ook vir etlike minute oor 'n geskikte datum vir die komende SR-verkiesing besin. Die versoek dat hierdie nie te lank uitgestel moet word nie, is ondermeer gehoor.


'n Lywige pak portefeulje verslae is ter tafel gebring. Gedagtig aan die omvangrykheid van sommige hiervan, is daar egter voorgestel dat Raadslede eers die geleentheid moet hê om hierdie deeglik te bestudeer voor dit bespreek word. Die verslae het gevolglik oorgestaan tot 'n volgende vergadering.

Ten slotte is 'n mosie aanvaar waarin die A.S.V.S. toegang tot die SR-Raadsaal geweier word vir die res van die huidige SR se termyn. Hierdie versoek het gespruit uit die vieslike toestand waarin die saal gelaat is deur die hoofbestuur van die ASB na afloop van die onlangse Bondskongres op Stellenbosch. Die mosie maak voorsiening dat die A.S.V.S. van hierdie besluit in kennis gestel sal word.

# Aanpassings nodig vir toekoms: Louis Heyneman

**MATIE – GESPREK**

FRANCOIS VAN DER MERWE GESELS MET



Louis Heyneman

**Francois van der Merwe** het vandeesweek met die vorige hoofredakteur van *Die Matie*, **Louis Heyneman**, gaan gesels oor sy termyn as redakteur. Die vrae het o.a. gehandel oor die rol van *Die Matie*, studenteleiers en studentepolitiek.

*Na die aksievolle termyn van u voorganger is u redakteurskap gekenmerk deur groter omsigtigheid in die hantering van kontensieuse sake. Was dit so beplan en wat was die gevolg hiervan?*

Bedoel u aksievolle gebeure of is die berigte "adsievol" geskryf? Laasgenoemde is natuurlik onnodig. 'n Koerant wat sonder enige omsigtigheid en verantwoordelikheid met opset uitdagend en roekeloos optree, vernietig homself. Die gevaar bestaan dat 'n koerant sy geloofwaardigheid en tersaaklikheid sal inboet. Dié siening is miskien konserwatief, maar beslis realisties.

*Die Matie word onder die beskerming van die Studenteraad uitgegee en die redaksie moet verantwoording aan die Publikasiekomitee doen. Wat behoort die verhouding tussen Die Matie en die SR te wees?*

### STUDENTERAAD

*Die Matie* word onder die beskerming van die SR uitgegee en nie *deur* die SR nie. *Die Matie* moet eerstens sy plig teenoor die studente-unie nakom – dis immers hulle koerant – en daarnaas 'n kanaal vorm waarlangs die idees van die studenteleiers by die massa uitkom. *Die Matie* was nog nooit 'n naprater van die SR nie en daarom sal die Publikasiekomitee nie teen hom optree bloot oor kritiek nie. Die verdraaiing van feite wat die SR onregverdig in 'n swak lig stel, sal nie geduld word nie. Ek dink die verhouding behoort op 'n "gentleman's agreement" te berus.

### BREUK

*Besoekende studenteleiers het dikwels in die afgelope termyn hul verbasing uitgespreek oor die skerp kritiek teen die SR in Die Matie. Stemme in hierdie verband ís ook uit die SR gehoor. Dit word beweer dat Die Matie deur hierdie optrede aanleiding gee tot 'n ernstige breuk tussen die SR en die studente-unie soos wat geblyk het uit die ASB-referendum-debakel en die mosie oor die oop koshuise. Wat is u mening hieroor?*

**Ek glo nie *Die Matie* het aanleiding tot die sogenaamde ernstige breuk gegee nie. 'n Studentekoerant kan nie net in die hande van een groep van die studente-unie speel nie. Juis daarom plaas *Die Matie* teenstrydige menings van studente in één koerant. Dit is die enigste poging wat 'n mens kan aanwend om werklik objektief te wees. Is objektewiteit dan nie die veelgeprese woord op almal se lippe nie?**

**In vergelyking met ander Afrikaanse studente-koerant, geniet *Die Matie* baie persvryheid. In die oë van sommige Engelstalige kampusse is *Die Matie* behoudend en mak.**

*Daar word dikwels gewys op Stellenbosch se geïsoleerde posisie in studentestrominge in Suid-Afrika. Tog blyk dit dat daar 'n lewendige en gesonde interne debat oor aktuele sake gevoer word. Hoe sien u die posisie van Stellenbosch in die komende jaar in sy skakeling met ander universiteite en sy self-uitleef in eie debat?*

### SELFVOLDAANHEID

'n Lewendige en gesonde interne debat is ongelukkig nie genoeg nie. Stellenbosch besit wel die potensiaal, maar ly aan 'n sieklike selfvoldaanheid wat net skakeling soek op die manier wat hom pas. Self-uitleef in eie debat sal onsself verreik, maar wie en wat sal ons daarmee bereik as ons ons idees vir onsself hou. Ons sal moet opskud en ons trots in ons sak steek.

*Die apatie van die studentemassa oor aktuele en kontensieuse sake is dikwels verstommend. Verder word daar beweer dat Die Matie hom slegs beywer vir 'n intellektuele clique. Moet Die Matie nie meer leesbaar wees nie – selfs ten koste van slim en verhewe kommentaar oor allerlei sake?*

**Stellenbosch ís 'n intellektuele kliek. Ons skryf nie 'n koerant vir mense wat nie kan lees nie. Sommige hoogdrawende kommentaar van studenteleiers en selfs akademici is egter dikwels twak. Daar is min mense in dié land wat hul idees klinkklaar en eenvoudig sonder die gebruik van 'n indrukwekkende woordeskat op papier kan uitdruk.**

***Die Matie* sal niks by pretensieuse en hoogdrawende taalgebruik baat nie. Die inhoud mag egter nie sy diepte verloor nie. Stellenbosch het nie 'n behoefte aan 'n sensasionele lekkerleestydskrif wat die massa vermaak nie.**

*Dink u die regte mense vul die leiersposisies op Stellenbosch?*

### LEIERS

Leiers kan net gekies word uit diegene wat hulle verkiesbaar stel. Ek twyfel of die sogenaamde "ware leiers" leiers is as hulle nie eers die moed het om hulself verkiesbaar te stel nie.

*Wat beskou u as die hoogtepunt van u termyn as redakteur?*

Ek wil nie 'n hoogtepunt uitsonder nie. Die bevredigende resultaat van 'n hele termyn se uitgawe is miskien al wat 'n mens sal onthou.

*Eerbiedig Die Matie tog die beginsel dat nuus en kommentaar geskei behoort te word? Klaarblyklik word dit deesdae maklik oor boord gegooi.*

'n Mens sou dit graag wou doen, maar die organisasie van 'n studentekoerant maak dit nie altyd moontlik nie. Teen die tyd dat ons 'n seker gebeurtenis beskryf, is dit lank nie meer *nuus* nie. Die feite en kommentaar moet dan weens min ruimte in een artikel plek kry.

### WENKE

*Het u enige wenke vir Die Matie in die toekoms?*

**Die Matie* sal mettertyd tipografiese sowel as stylaanpassings moet doen. Om in pas te bly met 'n skerper en vinnig veranderende studentegemeenskap sal hul koerant as stimuleerder en meningsvormer sy styl gedurig moet aanpas. 'n Kortkursus vir junior verslaggewers sal 'n jaarlikse instelling moet word. Die taalgebruik van *Die Matie* sal ook moet verbeter. Alleenlik die gedurige strewe na hoër joernalistieke standaarde sal *Die Matie* aan die voorpunt van Suid-Afrikaanse studente-koerante hou.**

# KULTUURLEIER SONDER KULTUUR

## GEVAARLIK - VILJOEN

DIE Afrikaner is knaend met sy identiteit behep, en moet ook wees, omdat die Afrikanervolk, soos Van Wyk Louw gesê het, die gewaagdste volk op aarde is, en sy bestaansreg daagliks nuut deur wil en daad moet skep." So het prof. Gerrit Viljoen by die ASB-kongres gepraat oor *Die identiteit van die Afrikaner.*

Prof. Viljoen het gesê dat daar vir die Afrikanervolk, wat sy identiteit betref, nog altyd meer op die spel was as vir die Engelssprekende Suid-Afrikaner, omdat die Afrikanervolk se situasie altyd prekêr, onseker, en 'n waagspel was. Die rede hiervoor lê in ons volk se kleinheid en die gevolglike fisiese moontlikheid van sy uitwissing, sowel as in sy bedreigdheid deur die groot Engelse wêreldkultuur en die getalleoormag van swart buurvolke.

### BEDREIGING

Deur die verdwyning van die Engelssprekende Suid-Afrikaner sou die groot wêreldkultuur waarvan hy deel is tog nie enigsins in sy bestaan bedreig word nie. Die bedreiging van die Afrikaner stel egter sy hele kultuur in gevaar.

Prof. Viljoen het gewaarsku dat 'n gedurige bewuste definieer en uitleef van die eie volk se identiteit iets geforseerds en kunsmatigs inhou. Dit kan neig tot 'n demonstratiwiteit of ekshibisionisme wat hinder en afstoot, dit het 'n opsetlikheid wat kunsmatig aandoen. Dit kan selfs laat twyfel aan eie selfvertroue en eie natuurlike vermoë – so asof "the lady doth protest too much". Die egte en natuurlike uitleef van 'n volk se identiteit is iets natuurlik en spontaan. Dit geskied in selfvertroue, sonder om eens van jou identiteit bewus te wees.

**Kultuur verg 'n aktiewe uitleef en uitdra, en wel deur 'n intense innerlike aktiwiteit van die gees, het prof. Viljoen gesê. Ons moet waak teen die "kultuurleiers sonder kultuur", waarvan Van Wyk Louw skryf.**

Die identiteit van die Afrikanervolk is nie eenvoudig of eenvormig nie, maar dit huisves 'n breë spektrum van houdings, aktiwiteite en standpunte in onderlinge spanning. Maar dit is 'n spanning wat krag, wakkerheid en kreatiwiteit na vore bring, soos die spanning in 'n boogsnaar.

### PRIVAATHEID

Prof. Viljoen het beklemtoon dat die handhaaf van 'n eie identiteit, veral in die geval van 'n klein en bedreigde volk soos die Afrikanervolk s'n, by geleentheid 'n sekere afsondering, eksklusiwiteit en privaatheid verg. Hierdie privaatheid moet ons vir onsself binne veelvolkige Suid-Afrika opeis en beoefen sonder apologie of vrees vir die beskuldiging van diskriminasie solank ons dit suiwer hou van rassisme, van onreg jeens andere en van selfverheerliking.

**Prof. Viljoen het ten slotte gewaarsku dat 'n roekelose houding teenoor ons Afrikanerskap nie dit regverdig wat op die spel is nie. Ons kan nie roekelose avonture bekostig nie, het hy gesê.**



*'n Deel van Stellenbosch se afvaardiging by die ASB kongres luister aandagtig. Op die foto verskyn o.a. mnr. Jan de Wet (tweede van regs), voorsitter van die SR en mnr. Gerhard Barnard (heel regs), voorsitter van die ASVS.*

## ASB - mosies:

Hier volg 'n aantal van die belangrikste mosies wat deur die ASB-kongres bespreek is:

'n Aantal mosies wat ingedien is, is nooit ter tafel gelê nie. Hierin is onder andere voorgestel dat die Afrikaner sy identiteit handhaaf sonder die hulp van statutêre reëlings. Die Ontugwet is volgens die mosie nie 'n sine qua non vir die behoud of ontwikkeling van Afrikaneridentiteit nie, en behoort daarom nie op die wetboek te bly nie.

Daar is voorgestel dat volksfeeste wat eie is net aan die Afrikaner, as sodanig beskou sal word, en nie op ander groepe van toepassing gemaak sal word deur bv. die proklamering van publieke vakansiedae nie. Dit sou dan kon neerkom op die verheerliking van een kultuur bo 'n ander en die meegaande vooropstelling van 'n bepaalde identiteitsgroep.

'n Ander mosie wat ingedien is, maar nie bespreek is nie, het voorgestel dat die nasionale vlag en volkslied sodanig gewysig word, dat al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika se rol en lojaliteit jeens Suid-Afrika daarin weerspieël kan word.

Nadat dr. Bergins sy toespraak gelewer het, is verskeie mosies ter tafel gelê, waaronder die volgende algemeen aanvaar is:

1) Dat die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.) met die owerheid sal onderhandel om 'n verpligte inleiding tot Volkekunde aan ons sekondêre skole en ook op universiteite en kolleges in te stel.
2) Die Afrikaner, soos enige ander identiteitsgroep, homself die reg voorbehou om te aanvaar wie hy wil as mede-Afrikaner. Ter aansluiting hierby is 'n mosie wat die toelating van bruin studente tot die ASB voorgestel het, met vyftig stemme teenoor vyf en twintig aanvaar.
3) 'n Tak van die ASB op die kampus van die Universiteit van Wes-Kaapland as deel van die ASB te aanvaar as die behoefte by die bruin studente bestaan. Dié tak moet egter die ASB se grondwet as sy eie erken.

In 'n ander mosie stel die ASB voor dat:

a) Die ekonomiese en nywerheidsontwikkeling van die tuislande steeds die hoogste prioriteit moet geniet.
b) Waardering uitgespreek moet word teenoor die regering vir hulle eerlike en daadwerklike voorneme om die tuisland teen 'n versnelde tempo en op 'n meer sinvolle wyse te konsolideer.
c) Toekomstige swart verstedeliking deur beplanning en desentralisasie van nywerheidsontwikkeling gelei moet word.
d) Dat hoër voorkeur verleen moet word aan nywerheids- en stedelike ontwikkeling binne die onderskeie tuislande.

### BYDRAE

In ons samewerking aan 'n gemeenskaplike toekoms vir al die mense van Suider-Afrika voel die ASB dat die volgende in verband met die stedelike swartman ingedagte gehou moet word.

1) Hy nie slegs gesien moet word as 'n fisies-verplaasde tuislandswarte nie.
2) **Hy ook nie beskou moet word as iemand wat reeds alle ooreenkomste met sy etniese verband verloor het nie en dat sekere aspekte van sy volkseie, alhoewel moontlik met omstandigheidsaanpassings, beskou kan word as relatief permanent van aard.**
3) Maar dat hy homself op hierdie stadium in 'n groter mate begin identifiseer met die swartmense om hom, as met díe in die tuisland.

# BEGINSELS EN PRAKTYK MOEILIK VERSOENBAAR

ANTON KRUGER : KONGRESVERSLAGGEWER

DIE gees waarin die 31ste ASB-kongres te Stellenbosch afgeloop het, kan getipeer word deur die besluit van kongreslede in verband met die toekenning van volle burgerregte aan Indiërs in Suid-Afrika. Die mosie is ter tafel gelê na aanleiding van 'n referaat gelewer deur prof. B.G. Ranchod, Dekaan van die Fakulteit van Regsgeleerdheid aan die Universiteit van Durban Westville, oor die *Inhoud en Betekenis van die Identiteit van die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika.*

Prof. Ranchod het beklemtoon dat die Indiërs Suid-Afrikaners is en derhalwe geregtig is om as volle burgers van die land aanvaar te word. Die kongres het hierdie argument klaarblyklik aanvaar. Genoemde mosie is voorgelê met die implikasie wat volle burgerregte en insprake in die besluitnemingsproses op alle regeringsvlakke beteken.

Hier het die probleme egter begin. Uit die motivering van die voorstellers van die mosie en die bespreking daaromheen, het dit geblyk dat kongreslede die konsep "volle burgerregte" op een van twee wyses interpreteer: Ten eerste dat dit insprake in die besluitnemingsproses op alle regeringsvlakte beteken. Ten tweede dat dit soewereniteit oor eie aangeleenthede en 'n sê in die besluitnemingsproses van gemeenskaplike sake tot gevolg het. Hierdie twee standpunte het in die lug bly hang. Daar is oor die mosie gestem sonder om uitsluitsel te gee oor die betekenis van die konsep "volle burgerregte".

Prof. Ranchod het sy teleurstelling uitgespreek oor bogenoemde feit en dat die mosie uiteindelik verwerp is. Mnr. Theuns Eloff, President van die ASB vir die afgelope termyn, het ook sy teleurstelling ten tye van 'n perskonferensie uitgespreek. Hy het bygevoeg dat volle burgerregte in beginsel wel in 'n latere mosie erken is.

**Die erkenning van 'n beginsel en die daaropvolgende onbereidwilligheid om dit in die praktyk deur te voer, het juis geblyk die tragedie van die algemene gees van die bondskongres te wees. Besprekings is verder bemoeilik deur ontoereikende en ondeurdagte omskrywings van konsepte.**

Sommige lede van die kongres het gepleit vir verantwoordelike besinning vóór daar tot stemming oorgegaan word. Kommer het ook onder lede ontstaan of die kongres werklik die mening van die deursnee ASB-lid weerspieël. Daar is gevrees dat die leierskorps die algemene liggaam vooruit is in progressiewe politieke denke. Hierdie vrees kan geïllustreer word deur die reaksie van die kongres op die besluit dat die toelating van bruin studente tot die ASB in beginsel goedgekeur word. Die mosie is op Donderdag aanvaar met 'n meerderheid van 50 stemme teenoor 25. 'n Paar kongreslede het 'n buitengewone versoek tot die president gerig dat hulle stemme téén die mosie, genotuleer word. Teen Vrydag het die gevoel onder kongreslede geheers dat indien die mosie weer tot stemming gebring word, dit met 'n meerderheid verwerp sou word.

### KRITIESE DENKE

Prof. Gerrit Viljoen, Rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit, het hom ten gunste van 'n nuwe vakrigting wat kritiese denke stimuleer, uitgespreek. Die uitspraak was na aanleiding van 'n bespreking oor die moontlikheid om 'n inleiding tot die Volkekunde op skool aan te bied. Die doel van so 'n stap sou wees om groter familiariteit met die agtergrond van ander volkere in Suid-Afrika te bewerkstellig. Hierdeur het hy onwetend aan 'n seer tand van die bondskongres geraak. Kongreslede het 'n gebrek aan waagmoed openbaar wanneer aangeleenthede ter sprake gekom het wat na hulle mening te delikaat was. Sommige sprekers is bewustelik toegelaat om vrae te omseil. Hierdie verskynsel is ook nie konsekwent op alle sprekers van toepassing gemaak nie. Kongreslede het toegelaat dat hulle deur verfynde retoriek aan die neus rondgelei word. Die kritiese evaluerende spanning wat by tye geheers het, is dan oorboord gegooi.

Die ASB weier om die rol van 'n politieke drukgroep te speel. Hierdie standpunt moet gerespekteer word. Daar kan egter nie saamgestem word dat versoeke oor delikate aangeleenthede aan die regering gerig as pogings om druk uit te oefen geklassifiseer kan word nie. Minister Piet Koornhof en mnr. Theuns Eloff het die noue samewerking wat daar tussen die ASB en regeringsinstansies bestaan, beklemtoon. Hierdie goeie verhoudinge behoort nie geskaad te word deur ASB-uitsprake wat nie met regeringsbeleid saamstem nie. Die sal verblydend wees indien die ASB eerder die vrymoedigheid voel om 'n positiewe bydrae te lewer. Hieronder moet nie verstaan word dat hulle hul goeie gesindheid weerspieël deur regeringsbeleid na te praat nie. Dit kan as die Afrikaner studentegemeenskap se plig beskou word om vóór te praat langs alle beskikbare kanale – daar is 'n kardinale verskil tussen voorpraat en voorskryf.

Dit is noodsaaklik dat die Afrikaner studentegemeenskap sal tred hou met veranderinge wat hedendaags aan die gang is. Prof. Ranchod het hom uitgespreek teen die behoudendheid wat daar by studente te bepeur is. Hy is van mening dat die Afrikaner nog vreesbevange is in die proses van aanpassing by huidige omstandighede.

### STELLENBOSCH

Die mite dat Stellenbosch se mening as onbelangrik geag word in teenstelling met dié van die ASB, is finaal die nek ingeslaan. 'n Referent het sy waardering vir die forum wat Stellenbosch skep waar verskillende standpunte onbevrees gestel kan word, uitgespreek. Lede van die pers was dieselfde mening toegedaan.

## Neem Kennis

'n Posbus is in die Wandelgang van die L.S.S. (Westekant) laat oprig deur die L.S.S.-komitee. Die bus sal daagliks om 6h00 en 14h00 deur die Poskantoor leeggemaak word.

Die Trust Bank het die Kantoor van die S.R.-voorsitter van 'n volvloertapyt en gordyne voosien. Spreekure sal binnekort op die deur aangebring word.

Radio Matie is reeds uitgebrei na al die koshuise behalwe Helderberg, Simonsberg en Wilgenhof. Dit is die enigste Universiteit in SA wat oor só 'n uitgebreide eie Radiodiens beskik.

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery

HAUM
Die student se boekwinkel
Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600
TEL. 4440 2906
Posbus 343

# perspektiewe en dinge

WIE is veronderstel om Stellenbosch op te som en saam te vat (of afleidings te maak) binne die bestek van 'n aantal paragrawe? My geëerde voorganger het heelparty geslaagde vooruitskouings gewaag. Dit wil nie sê dat daar op dieselfde trant voortgebou gaan word nie. 'n Verandering is tog immers soos 'n vakansie.

Gesien teen die hoeveelheid vakansie wat ons het op Stellenbosch vind daar skynbaar nie veel verandering plaas nie. Maar is die veranderings wat plaasvind werklik so sinvol dat ons dit as 'n vakansie kan beskou? Miskien is 'n uitsondering of twee net die regte idee.

### ONTNUGTERING

Ek hoop die vakansie is nog fris in die geheue sodat my welkom vir die tweede semester nie op dowe ore val nie. Die verposing was net lank genoeg gewees; lank genoeg om te herstel na 'n akademiese epidemie en nie so kort dat jy net lus geraak het vir nog nie. Maar elke vakansie het sy vaal kolle; en die vaalste kol is daardie dag wanneer die wit Stellenboschkoevert in die posbus lê en wag met onwelkome nuus. Hierdie vaalste kol bring soms die grootste verandering. Sommige van ons keer terug met 'n akademiese rekord wat aan skerwe lê. Ander was gelukkiger. Die arbeider is immers sy loon waardig. Vir party egter is dit die begin van die einde.

### POMP

So ook verstryk die huidige SR se termyn oor bykans 'n maand. Weer eens is dit die voorspel tot kontroversiële aktiwiteite soos verkiesings en sirkusse. Die verenigings- en komiteelewe loop ten einde met voornemende kandidate wat ruimskoots gebruik gemaak het van die geleenthede om daardie ondervindingslys sommer baie dinamies te laat lyk. Soms wonder 'n mens egter of al die ondervinding wat so met presiesheid aangestip word werklik so baie bydrae wat die bekwaamheid betref.

Geagte leser u maak van tyd tot tyd gereeld met diesulkes kennis. 'n Vinnige draai in die Sentrum met baadjie en das en 'n baie opsigtelike lêer onder die arm. Kyk maar mooi, daar word niks gekoop of geniet nie. Die doel is

**coenraad pieterse**

bereik, u moes hom net raak gesien het. Hulle hardloop gewoonlik baie haastig teen die Sentrum se trappe op na een of ander kantoor toe. Is dit regtig nodig? Wat dink u? Die suksesvolle voorsitter of redakteur hoef nooit te hardloop nie. Hy delegeer slegs sy magte af na die lede onder hom. Hulle moet die hardloopwerk doen. Miskien klink dit te kras. Dit is nie die wet van Mede en Perse om ieder en elk onder dieselfde kam te skeer nie. Ek wonder of daar mense is wat harder werk as juis ons SR-lede.

Dit sal interessent wees om uit te vind hoeveel van u het geweet van die afgelope ASB kongres op Stellenbosch? Vroeër in hierdie rubriek is gepraat van veranderinge op die kampus. Veranderinge is nie beperk tot slegs Stellenbosch nie. Die ASB het 'n nuwe bestuur gekry. Die Afrikanerstudent se belange is nou in die hande van nuwe mense. Stellenbosch se Afrikanerbelange?

### APATIE

Ons het darem maar 'n baie apatiese studentemassa. Hulle weier heraffiliasie maar aanvaar gelate die verbreking van bande met Stellenbosch vanaf ander universiteite- ons Engelstalige eweknieë.

### QUO VADIS

Wat is dan oorheersend van ons denke op die kampus? Neem dit van u self. Hoeveel maal gaan u werklik ernstig stil staan en dink bietjie na oor wat werklik aan die gang is? Word u denke op die kampus bepaal deur u houding, of vloei u houding voort uit u denke? Dit maak nie saak in welke mate dit met u of in die breëre sin met die massa korrespondeer nie, in albei gevalle laat dit veel te wense oor.

### POLITIEK

Liewe leser, skynbaar verkies die oorgrote meerderheid van u sake wat van minder politiese belang is. Heeltemal tereg ook – wie is ons allermins om in u kele te kom afdruk wat vir my en 'n volgende persoon belangrik is? U het moš ook 'n reg op wat vir u interessant blyk te wees. Maar dit is party-keer tog so moeilik om die omgekeerde ook te aanvaar. Maar u moet onthou dat politiek en studentepolitiek 'n bepalende rol speel van wat plaasvind op die kampus. U is meer as welkom om te verskil – let wel grondig te verskil. Elders in hierdie uitgawe word melding gemaak van Dr. Treurnicht wat sy bande met Stellenbosch as bloot simbolies gaan beskou indien Stellenbosch afwyk van rasse en etniese prominensie. Stellenbosch word tog as die enigste oop Afrikaanse universiteit aangegee. Liewer leser – ek gaan net hier ophou. Ek dink u kom nou self tot die besef dat vir sommige mense politiek die alfa en omega is. Miskien is hier al reeds te veel oor politiek kwytgeraak in hierdie uitgawe. Die aanvanklike doel was tog om oor veranderinge te skryf. Kom ons verander dan die onderwerp.

### AANVAARDING

Het u geweet dat van die mees irrasionele mense op die kampus juis *Die Matie*-redaksielede is? Ek twyfel of daar enige-een van hulle is wat 'n rasionele besluit kan neem sover dit die betrokke lid aangaan. Elke tweede naweek is taboe. Daar is nagte en nagte se werk en nogmaals werk. As jy een keer 'n jaar op die redaksie deurgemaak het behoort enige redaksielid se denke oorheers te word deur rasionele besluitneming. Maar dis juis die eienaardige aan hierdie groep eiesoortige persone. Juis die teenoorgestelde vind jaar na jaar plaas. Indien jy 'n rasionele besluit neem moet jy tog alle faktore in ag neem wat 'n uitwerking of 'n invloed op jou as redaksielid gaan hê. Gesien teen die agtergrond van wat jy die afgelope jaar deurgemaak het behoort geen normale wese ooit weer op die redaksie te dien nie. Liewe leser, my opinie oor die hele aangeleentheid is dat redaksielede so beïnvloed word deur nagte se deurswoeg en sweet dat geeneen van hulle in staat is om rasioneel te besluit oor sy eie doen en late sover dit *Die Matie* betref nie.

Daarom moet u die redaksie aanvaar soos hy is, met negatiewe sowel as baie goeie positiewe aspekte. Ons is ook maar net gewone Maties wat moet klas loop en student wees soos elkeen op die kampus.

# Muggies in die Neus

DIE son het gaan stilstaan en byna ongemerk in die rondte begin draai. Twee duiwe het verlief op die dak gevroetel. Miere het die blink geitjie weer lewend laat lyk totdat iemand terloops daarop getrap het. Die skoen het dit met die tweede trap weer gelos en die miere het verward oor die ongelukstoneel gehardloop. Toe is hulle op die ou spoor terug om op die bekende manier weer te begin. Ongenadig. Die grysstreep langs die muur af het bewys dat die duiwe wel daar was.

Hulle het soos een om die pilaar gekom – gestreep agter die groen tralies. Hý met hulle boeke onder die arm en sy met hóm onder die arm. Die oog wat hulle dopgehou het, het gesug toe daar skielik 'n trop om die hoek kom en energiek die toneel versteur. Hennie Thom knip aan 'n vogtigheid en snuif die brandkolletjie in sy neuspunt weg. As sy oog maar sy hand was en hy dit alles net so kon neerskryf. Hy sou graag die mier-toneel as tekenend van die afgelope ou en beginnende nuwe semester wou skets. Dan is daar nog die duiwe en die son, ag ja en toe kom die trop om die hoek en ag ja . . . Hy vat die potlood in sy nuwe baadjiesak raak en gaan sit teen 'n boom – van kennis en dood.

Richelieu Craven se kaakspiere hardloop langs sy gesig op. Hy strek sy bene oor die Suid-Afrikaanse dennehoutbankie. Hy dink daaraan dat die uitheemse houtsoort as'ent ware vandag langs die protea as nasionale embleem of so iets kan staan. Sy lewer lê soos sy ander organe vandag besonder fris agter sy hart. Die plaaslug het hom goed gedoen. Die besef van die voorreg om op Stellenbosch te wees maak hom geesdriftig oor die nuwe bladsy wat hy omgeslaan het. Hy sit so dat die verbygangers Magersfontein in sy hande kan sien. Na bladsy 22 het hy nog nie weer veel verstaan nie, maar hy moet deurdruk. Hy bly nóg steeds 'n sportman (hy het mos 'n sportbeurs) maar die mens moet tog ook gebalanseerd wees.

Die atmosfeer in ACS Veldman se gespreksgroepie is somber. Die Permissiebond se uitvoerende bestuur is geskok deur die vertelling. ACS Veldman het die vakansie as kelner op die treine gewerk en toe meng hy met die sout van die aarde. (Ai, die Anton Goosen skryf tog so in die boere-hart se trant. So oorspronklik en eie, maar tog g'n stuk permissief nie). ACS Veldman bloos oor sy mededelings maar die waarheid moet uit – die saak het beginsel. Die probleem is enorm en almal is dankbaar toe iemand oor Skylab begin praat.

Piet Potlood versit sy gewig van die een been na die ander. Hy staan nou al twintig minute so. En kyk. 'n Man, gekleed in Kampusbeheer se nuwe geheimediens-uniform ('n doodgewone pak) is besig om stelselmatig die grond vas te trap waar die geboutjie langs die Langenhoven platgestoot is. Hy beweeg op en af in 'n oos-wes rigting met sy kop in 'n 45-grade hoek na onder gebuig. Nou en dan kyk hy of daar 'n voertuig op die parkeerterrein bygekom het en gaan dan voort met die vastrap. Presies twee minute voor twaalf bring die steuring oor sy walkie-talie hom tot stilstand en hy verdwyn onwillig om die hoek.

Colin Liber (ookal na verwys as *True Love van Cross Roads*) loop met sy muurbalraket en ligte hart op die paadjie tussen die tennisbane deur. Hy gly op een van die kontoere en val met sy knie op 'n erdwurm wat na die vorige nagreën nie weer sy gat kon kry nie. Hy trek die plat liggaampie vieserig van sy knie los en diep in sy hart kom daar begrip vir die Afrikaanse kultuur toe hy meteens die Admin. en die BTK (wat deesdae sukkel met dalende getalle) se gesamentlike plan besef om die individu nader aan die natuur te bring.

Die ligte by die D.F. Malan se parkeerplek was dié aand dood – glo 'n tegniese fout. En nêrens word dit nag soos hier nie.

Piet Marais

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



**Fil. 2:3. "Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself."**

Stellenbosch bied die geleentheid om baie besig te wees. Om so besig te wees met onsself en dit wat vir ons belangrik is, dat ons vergeet van ander wie se probleme miskien baie groter is as ons eie, vergeet van ander wat miskien liggaamlik nie so goed as ons versorg is nie.

God sê baie duidelik dat ons, ons naaste se belange so moet dra asof dit ons eie is. Ook Jesus lê veral klem op die liggaamlike as Hy in die profetiese rede sê: "Ek het honger gehad en julle het my te ete gegee: Ek het dors gehad en julle het my te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling en julle het my herberg gegee." Hieraan, aan hierdie eenvoudige aardse dinge toets die Here Jesus die egtheid van ons geloof. Hoe kyk ons na hulle waarmee ons elke dag in aanraking is? Is ons eg, en stel ons werklik belang in hulle? Onthou, God eis dit van ons.

George Conradie

# UIT DIE OUDE DOOS

*Hier volg 'n aantal grepe uit die verlede soos dit opgeteken staan in die annale van "Die Matie".*

**13 Junie 1958**

Die beleid wat die SR van Stellenbosch vanjaar vir homself gestel het, naamlik om met alle anders denkende universiteite in aanraking te kom deur middel van korrespondensie, maar veral by wyse van samesprekings en afvaardigings na konferensies en kongresse, is nie 'n tipies Matie-standpunt nie.

**12 Junie 1959**

(i) Op Sondagaand, 22 Mei om 10nm. het dit bekend geword dat die nuwe Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch Dr. T.E. Dönges, huidige minister van Finansies is. Die vakature het ontstaan deur die afsterwe van Dr. D.F. Malan.

Dit is manne van sy formaat wat wys dat hierdie Universiteit nie tevergeefs tot stand gekom het nie.

(ii) Moet "kys" op 'n politieke basis geskied?

Wat 'n onderwerp vir 'n debatsvergadering? Tog uit die standpunte en besprekings het dit duidelik geblyk dat dit net so belangrik geag word as 'n monstervergadering vandag op Stellenbosch.

(iii) Kom ons verwesenlik 'n ideaal.

Reeds vanaf 1920 is die studente van Stellenbosch besig om fondse in te samel vir die Langenhoven-Gedenksaal en Gemeenskapsentrum.

"Baie van ons wat nòg op Stellenbosch is sal die ideaal verwesenlik sien binne die volgende twee jaar".

Die gees van die tyd is baie beslis nie die demper van optimisme nie.

**10 Junie 1960**

(i) Musiekaand by kerslig.

Vanaand 8nm. in Huis Marais gehou. Kom seker en bring kombers, kussing en meisie saam.

(ii) Die mediese studente sal twee verteenwoordigers op die SR kry. Hulle sal geen lede wees nie en sal slegs spreekstem maar geen keurstem hê nie.

(iii) Intervarsity-dans.

Parow-Burgersentrum. Die saal was versier in die gees van rugby met baie moderne ontwerpe. Byna sos die moderne impressionistiese skilderkuns.

Nou wonder 'n mens maar net of die interpretasie van impressionisme verander het oor die afgelope byna twintig jaar.

**23 Junie 1961**

(i) Saterdag 17 Junie is Eendrag ingewy. Die gaste is getrakteer op heerlike Franse geregte.

(ii) "Elke student moet die ASB positief ondersteun . . ." Wat verhoed die huidige redakteur om die teenoorgestelde standpunt te handhaaf? (n.a.v. 'n hoofartikel.)

(iii) Eersterivier bevaarbaar.

Helderberg het toe reeds kreatiwiteit aan die dag gelê toe die Boland alle sport doodgereën het. 'n Halfdosyn binnebande is iewers langs Coetzenburg te water gelaat en 'n skuimende kompetisie deur Eersterivier se branders het 'n opwindende aanvang geneem.

Deesdae is daar ook nie meer reën vir so iets nie.

**9 Junie 1962**

(i) Die publikasie van *Pro Liberate – Vir 'n volwasse volk* is hoogwaarskynlik 'n skakel in 'n fyn uitgewerkte plan, wat tot sy uiteindelike doelstelling het om die huidige regering omver te werp . . . *Pro Liberate* is 'n anonieme vlugskrif wat op die kampus versprei was met integrasie as die hooftema.

(ii) VSIS: Het u geweet dat ons as Ingenieurstudente daarop aanspraak maak dat ons dosente die gaafste en hulpvaardigste aan die Universiteit is?

# KOSHUISRUGBY

## MEDIES — MABRE

DIE onoorwonne span van Medies het Vrydag amper 'n bloutjie teen Mabré geloop en was gelukkig om die knoop met 2-0 deur te hak.

Medies se groter voorspelers het hulle die gunstelinge gemaak, maar 'n moedige Mabré-pak het verseg om te gaan lê, selfs al is hulle treë in die skrums teruggestoot. Dit het die Tygerbergers verhoed om hulle stempel op die spel af te dwing en gevolglik kon hul agterlyn ook nie aan die gang kom nie.

Die spel het aanvanklik baie gewissel, maar mettertyd het Mabré in Medies se halfgebied kamp opgeslaan. Francois Viljoen (slot) het in hierdie tyd 'n paar goeie balle vir Mabré in die lynstaan gewen en Hardy Strydom, Medies se heelagter, het weifelend onder druk voorgekom. Medies het toe egter al getoon dat hulle die hef in die hand het in die skrums, deur twee vasskoppe te wen.

Hierna het Medies begin om met hulle agterlyn te hardloop, maar goeie verdediging deur senters Danie Gerberg en Bertie de Wet het vir los balle gesorg wat Mabré weer in die prentjie gebring het.

Medies se voorspelers het meer op die voorgrond getree en Hardy Strydom het twee keer mooi met die bal beweeg. 'n Hoë bal wat heelagter De Kock nie kon vasvat nie, het Medies baie na aan Mabré se doellyn gebring. 'n Goeie teenaanval deur Mabré se agterspelers het amper op 'n drie uitgeloop nadat Medies se agterspelers nie die rollende bal kon beheer nie, maar 'n aanslaan het die belowende poging laat misluk. Onnodige foute was dan ook Mabré se ondergang in hierdie eerste helfte en die verwagting was dat Medies die krane in die tweede helfte sou oopdraai, veral aangesien hulle dan met die wind van agter sou speel.

Medies het dan ook van meet af aan met hul voorspelers aangeval. Peter Harvey en James Gilliland het onderskeidelik in die vaste spel en lynstane prominent vertoon. Twee opeenvolgende strafskoppe bring Mabré op die aanval, maar oorgretigheid na 'n lynstaan sorg vir 'n strafskop teen hulle. Die enigste punte in die wedstryd word hierna na 'n omstrede voorval aangeteken. Medies kry 'n strafskop vir geniepsige spel wat eerder teen hulle gegee moes word. André du Toit maak geen fout met die skop nie en laat Medies met 2-0 voorloop.

Fritz Potgieter (losskakel) het hierna probeer om met skoppe Mabré onder druk te plaas. Alhoewel hy soms doelloos geskop het, het hy by geleentheid tog daarin geslaag. De Kock het weer onder druk probeer hardloop en is naby sy doellyn vasgevat. Vanaf 'n daaropvolgende skrum is een van die Mediese losvoorspelers kort van die doellyn grond toe gebring.

Die spel was daarna slordig en baie ontwrig deur beserings, veral krampe. Medies se losvoorspelers sorg egter vir 'n goeie stukkie dryfspel nadat White wyd gebreek het. 'n Netjiese skeefskoppie deur Potgieter word ook net betyds deur Mabré afgesny.

Mabré hardloop nou by elke geleentheid met die bal. Senter Gerber en vleuel Van Heerden sorg vir goeie lopies, maar die nodige ondersteuning het ontbreek en Medies het dus hulle onoorwonne status met 'n klein oorwinning behou.

## Uitslae — Ligapunte — Vandag

| Uitslae | | | | Ligapunte (2de Helfte:) | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Helderberg | 14 | Huis Marais | 4 | Helderberg | 2 | Huis Marais | 0 |
| Dagbreek | 12 | Eendrag | 4 | Dagbreek | 2 | Eendrag | 0 |
| Wilgenhof | 18 | Oude Molen | 10 | Wilgenhof | 2 | Oude Molen | 0 |
| Simonsberg | 16 | Libertas | 6 | Simonsberg | 2 | Libertas | 0 |
| Pieke | 16 | Huis Visser | 2 | Pieke | 2 | Huis Visser | 0 |
| Medies | 2 | Mabré | 0 | Medies | 2 | Mabré | 0 |

**Vandag**

Pieke vs Helshoogte
Oude Molen vs Elsenburg
Wilgenhof vs Libertas
Simonsberg vs Huis Marais
Helderberg vs Dagbreek
Mabré vs Huis Visser
Medies vs Eendrag.

## HELDERBERG — MARAIS

OP 'n baie koue Coetzenburg het Helderberg vir Huis Marais met 14 punte teenoor 4 geklop, in verlede Vrydag se koshuiswedstryde.

Ook in hierdie wedstryd het dit gou geblyk dat die manne vakansie gehou het. Van die afskop af was die spel onnetjies en baie los met skakelpare wat mekaar nie kon vind nie. Ook was daar groot onsekerheid tussen die hakers en hulle lynstaanmanne, want die lynstane was baie slordig en die skrumskakels baie onbeskermd. Soos die wedstryd egter gevorder het het daardie ou verstandhoudings weer teruggekeer en het die manne weer vaster en as 'n span begin speel. Deurdat die verstandhoudings ontbreek het, het baie punte so verlore gegaan, soos dan ook geblyk het aan die einde van die wedstryd, toe Huis Marais verwoed aangeval het maar net daardie bietjie afronding gekort het om punte te gaan aanteken. In die eerste helfte het Helderberg wat wind af gespeel het sy kanse goed benut deur eenkeer agter die doellyn te gaan kuier. Die drie is deur E. van Zyl behaal, maar ongelukkig is die drie nie verdoel nie. Helderberg se eerste punte het egter gekom van 'n skepdoel wat deur L. Louw, die losskakel behaal is, en aan sy span twee punte besorg het. Met die aanbreek van rustyd het Helderberg met 6 punte teenoor die geen van Huis Marais voorgeloop. Dinge het egter verander toe Huis Marais met die wind van agter speel. Telkens het hulle vir Helderberg teen die doellyn vasgedruk. Ongelukkig vir hulle het A. Marais van Helderberg nog punte vir sy span gaan aanteken. Huis Marais se eerste punte het gekom toe S. Wilson die vlank oorval. Nog punte vir Helderberg kom in die twintigste minuut toe W. Bosman vir sy span agter die doellyn gaan kuier.

Die laaste 15 minute van die wedstryd is gekenmerk deur die feit dat Huis Marais vir Helderberg teen die doellyn vasdruk maar net nie sy balle goed genoeg kon benut nie. Dit moet egter ook genoem word dat Helderberg soos tiere verdedig het. Teen laat skemer met net nog genoeg lig, blaas die eindfluitjie met Helderberg wat 14-4 wen.



*Die wedstryd tussen Mabré en Medies verlede Vrydag was 'n genadelose stryd sonder veel opwinding. Mabré het verbasend goed vertoon teen die sterk span van Medies. Hier poog Frans Viljoen van Mabré juis om die bal by die opposisie af te neem.*

## PIEKE — VISSER

PIEKE het op hulle prestasies van verlede kwartaal voortgebou deur Huis Visser in 'n skoon en aanskoulike wedstryd met 16-2 te verslaan. Pieke se linkervleuel, Neil du Bois, het 'n uitstekende wedstryd gespeel deurdat hy onder andere twee drieë gedruk het. Hanteerwerk was baie moeilik weens die sterk wind en omdat dit die eerste wedstryd van hierdie semester was.

### PIEKE VAL AAN

Pieke was vanaf die afskop op die aanval, maar Huis Visser se verdediging en hanteerfoute het Pieke weerhou om punte aan te teken. Toe Huis Visser na tien minute vir die eerste keer na die afskop in Pieke se halfgebied beland, het hulle dadelik 'n strafskop gekry, maar heelagter Joe Cloete se skop was mis. Nadat nog tien minute van die eerste helfte verstryk het, wen Huis Visser 'n vasskop in hulle eie kwartgebied, maar Pieke se losvoorspelers neem die bal van die agterspelers af en na 'n volle agterlynbeweging gaan Du Bois in die hoek oor vir sy eerste drie. Alan Footman, heelagter, misluk met die doelskop sodat die telling 4-0 in Pieke se guns bly.

Kort voor rustyd dryf Pieke se voorspelers tot in die kwartgebied van Huis Visser en Du Bois kon die aangee van sy voorspelers raakvat en het naby die pale sy tweede drie gedruk. Hierdie keer was Footman met die doelskop in die kol en rustyd het aangebreek met die telling op 10-0.

### BEWEGINGS

Na rustyd het albei agterlyne meer met die bal gehardloop en 'n paar mooi bewegings is gesien. Vyf minute na die afskop van die tweede helfte word Pieke weer gestraf en Cloete behaal Huis Visser se twee punte met 'n skop teen die wind. Hierna val Pieke weer sterk aan en Du Bois word na 'n sterk lopie net voor Huis Visser se doellyn oor die kantlyn gehelp. Huis Visser wen die lynstaan, maar die bal val op die grond sodat Chris Bauermeister, kaptein en agsteman van Pieke, net sy hand daarop moes lê om Pieke se derde drie aan te teken. Footman skop weer raak en die telling skuif aan na 16-2 wat ook die eindtelling was. Die laaste vyf minute was huis Visser sterk op die aanval, maar kon net nie deurkom nie.

### UITBLINKERS

Behalwe Du Bois, het Footman en die losvoorspelers van Pieke goeie spel gelewer, terwyl Cloete Huis Visser se uitblinker was.

## SIMONSBERG — LIBERTAS

IN ysige wintersweer het Simonsberg verlede Vrydag vir Libertas met 16 punte teenoor 6 geklop.

Aanvanklik was dit 'n baie los en onnetjiese wedstryd, maar gaandeweg het die spel 'n stewiger en vaster patroon aangeneem toe die spelers mekaar weer na die lang vakansie vind. Simonsberg het in die tiende minuut van die eerste helfte die eerste punte behaal toe O. Muller 'n strafdoel deur die pale klits. Daarna was dit G. Ezebeth die haker van Simonsberg wat agter die doellyn gaan kuier het. Ongelukkig is die drie nie vervyf nie. Met die aanbreek van halftyd was die telling 6-0 in Simonsberg se guns. In die begin van die tweede helfte het Libertas stewiger begin vertoon. Hulle het Simonsberg in die skrums sowel as in die lynstane mooi begin vasvat. 'n Onverwagte drie deur die agsteman M. Mathee van Simonsberg het hulle geensins afgeskrik nie, en in die 20ste minuut van die tweede helfte druk D. Flock, stewige vleuel, vir Libertas 'n drie. Die drie is deur D. van Niekerk (15) vervyf. Die laaste spyker in die doodskis vir Libertas was toe die skrumskakel van Simonsberg oor die doellyn is. Dit was laatskemer en baie koud toe die eindfluitjie blaas. Die uitblinkers aan Simonsberg se kant was hulle skakelpaar D. Brown en G. Cloete. G. Cloete die losskakel het beïndruk met die wyse waarop hy taktiese lynskoppe met altwee voete geskop het en ook die wyse waarop hy sy agterlyn weggestuur het. D. Brown die skrumskakel het op sy beurt mooi en skoon diens aan sy losskakel gelewer. Verder was hy deurentyd gevaarlik elke keer as hy speelkant toe om breek en het dan ook juis sy drie so behaal. Vir Libertas het hul kaptein H. de Beer mooi uitgeblink waar hy as agsteman die bal bly jaag het en hard gewerk het in die vaste los. G. Walters het ook beindruk met die wyse waarop hy as slot vir Libertas 'n paar mooi skoon balle in die lynstaan gewen het.

Om dus op te som was dit aanvanklik 'n los wedstryd wat later ontwikkel het in stewige, vaste voorspelerspel waar beide agterlyne mekaar stewig vasgevat het.

## Koshuisrugby Geborg

'n Skenking van *Sharp Electronics* het die Universiteit van Stellenbosch se koshuisrugby R5 000 ryker gemaak.

### GEESDRIF

Hierdie nuus is verlede Donderdag deur die President van Stellenbosch se Rugbyklub, dr. Danie Craven, en die Bemarkingsbestuurder van Sharp, mnr. Sid Drutman, bekendgemaak.

Mnr. Drutman het gesê "daar word algemeen aanvaar dat rugby nêrens met groter geesdrif gespeel word as in die koshuisliga nie, en my maatskappy is bly dat dit met die spel op dié vlak betrokke kan raak."

In antwoord het dr. Craven gesê koshuisrugby het 'n belangrike wieg van die spel in Suid-Afrika geword "en hierdie borgskap sal verseker dat ons die spel op 'n nog gesonder grondslag kan plaas, want, soos dit die geval met alle sportsoorte is, het kostes amper belettend geword."

### ALMAL BAAT

Daar is tans sowat 60 spanne in die koshuisliga. Dit verteenwoordig nagenoeg 1 000 spelers, en hoewel slegs 14 spanne aan die Sharp-liga sal deelneem, sal al die spanne baat vind by die borgskap. Die wenners en naaswenners van die koshuisliga sal 'n bonus verdien.

pikkie blommaert
mansuitruster
stellenbosch

# SAU UITSLAE

## NETBAL

Die Netbalspan het 2de geëindig in die Toernooi wat in Bloemfontein gehou is. Hulle het met 'n enkele doel teen die sterk span van Tukkies verloor. US het egter die meeste SAU speelsters opgelewer. Hulle is:
E. Lourens – Doel
S. Voortman – Verdedigende vleuel
L. Strydom – Hulpdoelverdedigster
E. Jacobs – Verdedigster.

Die volgende Maties het spesiale toekennings ontvang:
E. Lourens – beste doelspeler.
L. Strydom – beste verdedigster.

Die SAU span het die span van Suid-O.V.S. 35-25 geklop.

Volledige uitslae van wedstryde is:

US klop Rhodes 45-0
klop UK 31-2
klop RAU 32-12
klop Pukke 22-11
klop Natal 25-3
klop UPE 22-8
klop U. OVS 25-22
Verloor teen Tukkies 14-15.

## MUURBAL

Die toernooi is gehou by die bane van die Universiteit van Natal. Die Matie mans eindig vyfde en die dames vierde. Die mansuitslae is as volg:

Klop Pukke 4-1 Verloor Natal B 2-3
Klop Rhodes 5-0 Verloor Wits 1-4
Klop UP 3-2 Verloor UK 0-5
Klop U.OVS 4-1 Verloor Natal 0-5

## SKERM

Die Suid-Afrikaanse Universiteite Skermtoernooi is hierdie jaar gehou by die Universiteit van Natal in Durban van 2 - 8 Julie.

Die Stellenboschspan het bestaan uit:
Dames: Lynn Hugo, AnnaLouise Marais, Elmarie Raubenheimer.
Mans: Christo Lategan, Johan Jooste, Gabby Stemmet.

Die damespan het slegs een nederlaag gely. Hulle is geklop deur die span van Wits met 5-4. So maak hulle aanspraak op die tweede plek.

Die mans het egter verloor omdat een van hul mees belowende skermers, Anthony Thomson, nie die SAU kon bywoon nie. Nogtans het die rangbeginner, Gabby Stemmet, uitstekend geskerm. Die mansspan behaal vierde plek uit die tien spanne wat deelgeneem het.

Individueel, het die Stellenbosch-dames hulle vorige oorwinnings en prestasies herhaal deur weer eens met al die bekers weg te loop.

Lynn Hugo het eerste plek behaal in Epeé en Foil en ook tweede in Sabré, terwyl AnnaLouise eerste gekom het in Sabré en derde in Epeé. Lynn het ook die beker ontvang vir die beste skermer.

Christo Lategan behaal ook plekke onder die eerste twaalf in al drie die wapens nl. Foil, Epeé en Sabré. Johan Jooste het soortgelyk presteer met die Sabré.

Stellenbosch is ook gekies om as gasheer op te tree tydens die 1980 Suid-Afrikaanse Universiteite Sportweek.

## Neem Kennis

Die Sportman van die jaarkompetisie sal eersdaags van stapel gestuur word. Studente moet solank dink aan persone wat moontlik kan kwalifiseer vir hierdie titel. Voorstelle moet by *Die Matie* se Sportredaksie ingelewer word.

## HOKKIE

Die mansspan het die SAU Toernooi met gemak gewen en die dames het die eerste plek gedeel met UPE.

Leith Stewart is as kaptein van die SAU span aangewys en David Reid-Ross, Tokkie Smuts en A. van Eeden is ook in die span opgeneem. Die volledige uitslae is:

Mans:
Klop U.OVS 1-0 Klop Pukke 7-0
Klop Wits 1-0 Klop UK 2-1
Klop Rhodes 5-2 Gelyk Natal 2-2

Dames:
Klop RAU 2-0 Klop UK 2-0
Klop U.OVS 1-0 Gelyk UPE 1-1
Klop Pukke 3-0 Verloor Rhodes 1-2

## LANDLOOP

Die SAU Landloopkampioenskappe en die Kellerprins-padaflos is vanjaar deur UPE aangebied. Die uitslae is as volg:

Dames 4 kilometer:
1ste – Patsy Sharples 13:29.
7de – A. Kuün 13:53.

Die Matie dames het tweede geëindig in die spankompetisie.

Mans 12 kilometer:
3de – V. Liebenberg 38:13.
5de – J. Dreyer 38:29.

Die spankompetisie is deur UPE gewen met US in die tweede plek.

Mansaflos oor 10 kilometer:
Stellenbosch A het tweede geëindig in 'n tyd van 3:03:49 en Stellenbosch B sesde in 3:14:55.

## SOKKER


Gedurende die afgelope vakansie het Stellenbosch 'n baie geslaagde SAU-sokkertoernooi aangebied. Die Maties en Natal, die verdedigende kampioenspanne, het onderskeidelik derde en vierde geëindig, met Ikeys en Tukkies in die eerste twee plekke. Na die toernooi is vier Maties, Wally Hamman, Conrad Barnard, Colin du Toit en Geoff Cohen in die SAU-span opgeneem.

Die Maties het tweede in die een afdeling geëindig nadat hulle teen RAU (3-0), UPE (1-0) en Natal (1-0) gewen het, teen Rhodes (2-2) gelykop gespeel en teen Tukkies (0-2) verloor het. Die voorspelers van die Maties het teleurgestel met hulle slegte afronding en Bobby Ihleim, 'n gereelde verdediger, is na twee wedstryde voor ingespan. Dit was dan ook hy wat twee doele in die oorblywende drie wedstryde geskiet het. Dave Bensted-Smith was ook twee keer suksesvol, terwyl Hamman, Cohen en Andy Mynhardt elk een keer in die kol was.

Ikeys het hulself beter by die nat toestande aangepas en het dan ook Tukkies met 2-0 in die eindstryd verslaan. Een doel, behaal deur Ihleim, was genoeg vir die Maties om Natal vir die tweede keer te klop en sodoende derde te eindig.

Du Toit en Barnard het deurgans uitmuntende spel gelewer. Sonder hierdie twee spelers sou die Maties baie slegter gevaar het. Hamman het vir die vyfde keer die SAU-span gehaal en vir die tweede keer is hy as kaptein gekies. Ons sê baie geluk aan Cohen en bogenoemde drie spelers, en hoop hulle het 'n suksesvolle Currie-bekertoernooi later vanjaar.


COLIN DU TOIT


WALLY HAMMAN


GEOFF COHEN

## PLUIMBAL

Die toernooi is gehou by Rhodes Universiteit. Die Maties het tweede geëindig en slegs teen Tukkies verloor. Hul beste oorwinning was dié teen die sterk span van Ikeys. Uitslae is:

Klop U.OVS 12-3 Klop UK 8-7
Klop Wits 8-7 Klop Rhodes 13-2
Klop RAU 13-2 Verloor UP 6-9

Hanlie Loots het die dames enkelspel gewen nadat sy vir Judy Ferreira in die kwarteindrondte geklop het. B. Kurz het die mans enkelspelplaat gewen.

Hanlie Loots is in die SAU span opgeneem en Judy Ferreira in die B-span. Die A-span het die O.P. 7-0 geklop.


*NETBAL: Debbie Blair, een van die uitblinkers by die SAU Netbal Toernooi spring hier om die bal te onderskep. Die Matie dames het uitstekend gewaar en vier speelsters is vir die SAU span gekies. (Sien berig hieronder.)*




ARI OBERHOLZER

Die nuwe Sportredaksie neem met blydskap kennis van al die Matie-spanne se goeie prestasies tydens die afgelope SAU Toernooie. 'n Spesiale woord van gelukwensing aan die Netbalspan waarvan vier speelsters in die SAU span opgeneem is.

Die uitslae toon dat alles wel is met Matie-sport. Daar skort beslis nie veel met ons junior rugbyspan nie – hul klinkende oorwinnings oor al hul teenstanders (veral die wedstryd teen Tukkies) getuig van diepte in ons Rugbyklub. Die feit dat ons sewe spelers in die SAU-span het onderstreep dit. Melding moet ook gemaak word van ons mans hokkiespelers. Hulle was strate bo die opposisie en het vier spelers in die SAU span.

### KOMPETISIE

In die volgende uitgawe van *Die Matie* verskyn fotos en die prestasies van ons voorste sportmanne en sportvroue met die oog op die keuring van die Stellenbosse Sportman en Sportvrou van die jaar.

Die voormalige Staatspresident, mnr. B.J. Vorster sal die gasspreker wees by 'n dinee op Vrydag 10 Augustus waartydens die Sportman - en Sportvrou van die jaar toekennings gemaak sal word. 'n Kompetisie word in die vooruitsig gestel waarin ons lesers die geleentheid sal kry om 'n prys te ontvang vir die korrekte keuse van ons Sportman en Sportvrou van die jaar. Meer besonderhede oor hierdie beoogde kompetisie sal in die volgende uitgawe van *Die Matie* verskyn.

Aan die nuwe redaksielede: baie welkom, en mag die jaar nie te veel middernagtelike ure inhou nie.

## GIMNASTE

In die mansafdeling van die Toernooi het M. Johnson derde plekke in die beuelperd en brug nommers behaal en het derde algeheel geëindig. L. Johnson het tweede geëindig in die vloernommer vir dames.

## RUGBY

Die onder 20 span het met groot welslae aan die SAU Rugbytoernooi in Durban deelgeneem.

Volgens die spanbestuurder, mnr. Dawie Snyman, het die span uitstekende rugby gespeel en hy skryf hul sukses grootliks toe aan die oefenmetodes van Dr. Craven. Mnr. Snyman het hul spel tydens die toernooi beskryf as "konstruktiewe rugby op die patroon van die Eerstespan."

Die jong Maties het 148 punte aangeteken waarvan Colin Beck 63 bygedra het. Na afloop van die toernooi is sewe spelers vir die SAU Onder 20 span gekies, en een as reserwe. Hulle is:

Piet Barnard – vleuel.
Carel du Plessis – senter.
Colin Beck – losskakel.
Danie Basson – vaskopstut.
Colin Woodcock – flank.
Greg Morse – slot.
Willem van der Westhuizen – slot.
Reserwe: André Potgieter.

Carel du Plessis, Clifton Pew en R. Koen is in die SAU Onder 19 span opgeneem.

Die span het Natal kafgedrag met 52-10, die Pukke met 34-6 geklop, 35-20 met RAU afgereken, en die gedugte Tukkiespan met 22-12 geklop.

## Ander SAU uitslae

**Branderry by Kaap St. Francis:**
US het deurgedring tot die semifinales en vyfde plek behaal met 'n totaal van 27 punte. Die Toernooi is gewen deur die Universiteit van-Natal.

**Dames Tafeltennis:**
Dié span het slegs teen UP 2 verloor en hul ander vyf wedstryde gerieflik gewen. Die puntetellings was:

Klop Rhodes 10-0 Klop U.OVS 6-4
Klop UK 9-1
Klop Natal 6-4 Verloor UP 2-8

**Judo:**
In die 95 kilogram plus gewigsafdeling het Peter Thornhill 'n silwer en 'n brons medalje gewen. M. Theron het 'n silwer medalje gewen en W. Wepener 'n brons medalje in die ander 72 kilogram afdeling.

**Stoei:**
Die Toernooi is op die RAU-kampus gehou op 5 en 6 Julie. F. Vermaak (74-82kg) en K. Visagie (90-100kg) het albei brons medaljes vir die Maties verower.

**Karate:**
US het ses van sy agt wedstryde verloor en twee kragmetings het gelykop geëindig. Die span het algeheel sewende geëindig. Die Toernooi is deur die Kovsies gewen.